# H O O F S T U K   V.

## DIE TYDPERK 1928 - 1940.
## PROVINSIALE BESTUUR - III.

### 1. INLEIDING.

Gedurende hierdie tydperk het daar op verskeie gebiede veranderings ingetree wat die Transvaal beslis enige agterstand by ander lande laat inhaal het, terwyl daar op ander gebiede geleidelike ontwikkeling plaasgevind het wat egter nog nie die begeerde hoogtepunt bereik het nie.

Seker die vernaamste en verreikendste beginsel wat ingevoer is, was die stelsel om hoofde van skole te laat rapporteer oor die skool as 'n geheel sowel as oor die werk van indiwiduele onderwysers. Hierdie stelsel, in 1935 ingevoer,[1] het 'n gemengde ontvangs gehad. Aanvanklik is dit deur baie onderwysers, veral assistente, geopponeer, terwyl die inspekteurs deurgaans gevind het dat dit uitstekend gewerk het.[2] Nieteenstaande alle kritiek, is dit die stelsel wat tans nog in swang is.

'n Ander ontwikkeling, wat die verwesenliking van 'n lang-gekoesterde ideaal was, was die afskaffing van die st. VI-eksamen in 1935,[3] en die instelling in die plek daarvan van 'n beurseksamen, wat egter op sy beurt, tesame met die Hoërskool-toelatingseksamen, in 1942 afgeskaf is,[4] sodat die laerskool geheel-en-al van eksterne eksamens bevry is.

Gedurende hierdie tydperk is die skoolplig verhoog tot die voltooiing van st. VIII of die bereiking van 16 jaar, met uitsondering van sekere gebiede.[5] Aanvanklik kon

---

1) Algemene Omsendbrief No. 16 van 1 Oktober 1935.
2) Kyk bladsy 2?? infra, voetnoot 2.
3) Algemene Omsendbrief No. 9 van 1935 en Jaarverslag T.O.D. 1935, bladsy 15-16.
4) Departementele Omsendbrief No. 3 van April 1942, bladsy 20-22.
5) Kyk bladsy 277 infra.

hierdie reëling nie uitgevoer word nie as gevolg van die depressie vanaf 1931 tot 1933, maar toe dit in werking getree het, het dit 'n geweldige uitbreiding en 'n verhoging in die peil van volksonderwys veroorsaak. 'n Groot aantal laerskole het tot intermediêre skole ontwikkel. Uiteindelik het die stelsel 'n verdere ontwikkeling ondergaan met die instelling van die junior hoërskool, afgeskei van die laerskool, in 1937[1].

Inmiddels is die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen in 1932 ingestel as eindeksamen van die volkskool en as toelatingseksamen tot Matrikulasie[2]. Aanvanklik was dit 'n verpligte eksamen vir alle leerlinge in st. VIII of vorm III, maar binne enkele jare is dit vir hoërskoolleerlinge opsioneel gemaak om daaraan deel te neem.

'n Wysiging van ingrypende belang is in 1934 ingevoer i.v.m. die voertaal,[3] wat nie langer die moedertaal sou wees nie maar wel die huistaal, en die bepaling waarvan nie meer in die hande van die ouers sou berus nie maar wel in die van die onderwysers en inspekteurs.

'n Veranderde skema van opleiding van onderwysers is in 1933 ingestel[4] waarvolgens die ou 0.2 en 0.3 verval het en alle onderwysers die Transvaalse Onderwysersdiploma moes verwerf. Die werk sou van 'n hoër peil wees as die van 0.3 maar ietwat makliker as die van 0.2. Later is die 0.3-opleiding weer te Heidelberg ingevoer om redes wat later uiteengesit sal word.[5] In 1944 is alle eksamens in Normaalkolleges afgeskaf[6].

Die depressie wat vroeg in die dertiger-jare geheers het, het uitbreiding aan bande gelê, dog later toon die statistieke vordering op elke gebied, sowel wat die

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1937, bl. 85.
2) Ibid. 1932, bl. 23-24.
3) Ord. No. 9 van 1934, Prov. Kt. No. 1311 van 22 Augustus 1934, bladsy 146; en Departementele Omsendbrief No. 6 van Desember 1934, bladsy 3.
4) Prov. Kt. No. 1267 van 1 Nov. 1933, Administrateurs-Kennisgewing No. 534, bladsy 101.
5) Kyk bl. 303 infra. 6) Kyk bl. 305 infra.

aantal leerlinge as die skole en onderwysers betref. Ook het die kwalifikasies van onderwysers sodanig verbeter dat daar reeds in 1933 minder as 1 persent van die onderwysers ongekwalifiseerd was, en die hoogtepunt in 1939 bereik is met 99.6% gesertifiseerd.[1)]

Van uitstaande belang was die verskyning in 1939 van die verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie[2)] wat alle aspekte van die onderwys ondersoek en aanbevelings gedoen het wat nou eers, na die verstryking van die tydperk wat in hierdie dissertasie behandel word, trapsgewyse ingevoer word. Ook die inspeksie- en eksamenstelsels is aan 'n deurtastende ondersoek onderwerp en belangrike aanbevelings gedoen.

Naturelle-onderwys, afhanklik vir sy finansiering van die Unieregering, het met spronge gevorder na gelang die sentrale regering in die posisie was om meer of minder finansiële steun te verleen.[3)] Nogtans was daar geweldige vordering, sodat die aantal laerskoolleerlinge van 57,742 in 1928 toegeneem het tot 127,799 in 1940. Gedurende dieselfde tydperk het die aantal inspekteurs sowel as naturelle-opsieners met meer as gelyke tred toegeneem. Die vermeerdering van die aantal opleidingsinrigtings van 3 tot 9 het meegebring dat die persentasie gesertifiseerde onderwysers vanaf 51 in 1928 tot 77 in 1940 verbeter het.

## 2. LAER ONDERWYS.

### (a) Inspekteurs en Inspeksiewerk:

(i) Inspekteurs: Die gewone veranderings in die inspekteurspersoneel het voortgeduur ; byna jaarliks het die een of ander inspekteur afgetree, terwyl nuwe inspekteurs aangestel is, steeds gerekruteer uit die range van diensdoende onderwysers. In 1929 [4)] het daar verskeie sodanige

1) Kyk bladsy 276 , tabel XXI.
2) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie - T.P.5/1939
3) Kyk bladsy 306 infra.
4) Jaarverslag T.O.D. 1929, bladsy 6 - 7.

veranderings plaasgevind, asook in 1931[1]. In laasgenoemde jaar is ook verskeie inspekteurs na ander kringe oorgeplaas. Gedurende 1932 was C.J. Blom tydelik werksaam op die hoofkantoor[2] (in die plek van Z. Martins wat na die Unie-onderwysdepartement oorgeplaas is) aangesien die finansiële druk waaronder die land gebuk gegaan het, paal en perk aan die uitbreiding van landbou-aktiwiteite gestel het. Aangesien hy in 1933 as kring-inspekteur na Wolmaransstad verplaas is,[3] skyn dit of die departement van mening was dat landbou-onderwys óf op vaste voet georganiseer was, óf voortaan as van minder belang beskou sou word. Wellig het die verandering van direkteurskap die deurslag gegee.[4] Die gebruiklike vyfjaarlikse omruiling van kringe het in 1933 en in 1938 plaasgevind.[5]

In 1935 is daar 'n pos vir inspektrise geskep, dog nadat die pos herhaaldelik tevergeefs geadverteer is, is dit eers in 1937 gevul deur die aanstelling van Mej. H.E. Cuffe.[6] Hoewel die Onderwyskommissie die aanstelling van meer inspektrises aanbeveel het,[7] is Mej. Cuffe tans nog die enigste dame wat so 'n pos beklee.

Die aanstelling van drie addisionele inspekteurs in 1935 [8] en die reorganisasie van die inspeksiekringe waardeur die kringe kleiner en meer kompak gemaak is, het die doeltreffendheid van die werk verhoog.[9]

In 1935 het die aantal inspekteurs 24 beloop terwyl die pos van inspektrise nog vakant was.[10] Van die 24

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1931, bladsy 7.
2) Ibid. 1932, bladsy 6.
3) Ibid. 1933, bladsy 14.
4) S.P.E. Boshoff het in April 1932 direkteur geword.
5) Jaarverslag 1933, bladsy 14 en Departementele Omsendbrief No. 14 van Oktober 1937, bladsy 279.
6) Jaarverslag 1937, bladsy 8.
7) Verslag Onderwyskommissie 1939, bladsy 19, paragraaf 66.
8) Jaarverslag 1935, bladsy 12.
9) Ibid. 1935, bladsye 79, 89, 93, 95, 106.
10) Ibid. bladsy 269 - 270.

was een 'n aflos-inspekteur. In 1940 was die aantal, insluitende die inspektrise en die aflos-inspekteur, 24[1], d.w.s. 'n vermindering van 1.

Interessant is dit om op hierdie stadium die name van die inspekteurspersoneel te vergelyk met die wat in die vroegste tydperk (1900-1906) in diens was.[2] Toe was almal Engelssprekend; tans is die groot meerderheid Afrikaanssprekend. Die inspekteurs met hulle kringe was dan in 1940 as volg:[1]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ackermann, S.R. ... | Standerton | Markötter, J.C. .. | Middelburg |
| Blom, C.J. ........ | Heidelberg | Murray, I.B. ..... | Pietersburg |
| Botha, T.C. ....... | Ermelo | Otten, F.J. ...... | Joh'burg |
| Cuffe, Mej. H.E. .. | Joh'burg | Schoon, W.F. ..... | Potchefstroom |
| de Villiers, W.M. . | Wolmaransstad | Schumann, P.W.S... | Lichtenburg |
| de Vos, J. ........ | Pretoria | Schoute-Vanneck, H.N. .......... | Joh'burg |
| Hurter, W.T. ....... | Krugersdorp | Smuts, J.A. ....... | Lydenburg |
| Jandrell, T.W. ..... | Nylstroom | Strasheim, J.J.... | Joh'burg |
| Lighton, R.E. ...... | Boksburg | Steyn, E. ......... | Krugersdorp |
| Lynch, J.R. ........ | Rustenburg | Viljoen, B.J. ..... | Pretoria |
| Mann, C. ........... | Boksburg | Visser, W.A. ...... | Joh'burg |
| | | Voss, H. .......... | Pretoria. |

Aflos-inspekteur: du Toit, F.P.J. .................. Pretoria.

Reeds in Februarie 1932 het daar van die kant van Engelssprekende onderwysers beswaar ingekom[3] teen die verhouding van Engelssprekende tot Afrikaans-sprekende inspekteurs wat tot nadeel van eersgenoemde was. Die aanstelling van Engelse inspekteurs is deur die redakteur van die Transvaal Educational News bepleit, selfs al was hulle

---

1) Jaarverslag 1935, bladsye 280 [illegible],
2) Kyk bladsy 43 supra.
3) Transvaal Educational News, Feb. 1932, bladsye 3 - 5.

kennis van Afrikaans nie so goed as die kennis van Engels van Afrikaans-sprekendes nie. Die Engelssprekendes kon dan veral in die Engelsmediumskole werk, en daar kon weer 'n stelsel van samewerking ingevoer word soos wat vroeër in swang was. Hierdie betoog het egter geen invloed uitgeoefen nie, aangesien daar in verhouding minder Engels-sprekende inspekteurs in 1940 was as in 1932.

Hoewel die aantal inspekteurs vermeerder is, het die vermeerdering geen tred gehou met die toename in die aantal leerlinge nie. In 1920 was daar 17 inspekteurs vir 106,978 leerlinge, d.w.s. gemiddeld 6292 leerlinge per inspekteur,[1] wat toe reeds deur die direkteur as te veel beskou is. In 1940 was daar 24 inspekteurs vir 153,937 leerlinge wat gemiddeld 6414 per inspekteur was. Die posisie het dus ietwat verswak. Dit kon egter gedoog word, daar die onderwyspersoneel in die laasgenoemde jaar akademies sowel as professioneel baie meer bekwaam was as twintig jaar tevore, en daar die inspekteurs in die laasgenoemde jaar niks meer met die oorplasings en eksamens in die laerskool te doen gehad het nie, en hulle werk heeltemal van aard verander het, soos uit die volgende paragraaf sal blyk.

(ii) Inspeksiewerk. 1. Oorplasing van leerlinge. Uit die vorige hoofstuk het geblyk dat die indiwiduele eksaminering van leerlinge deur die inspekteurs geheel deur klassikale inspeksie vervang is, met gelyktydige oorplasings wat onder toesig van die onderwysers plaasgevind het, maar wat nog grotendeels deur die inspekteurs gekontroleer is. Gedurende die eerste jare na 1927 het dit nog voortgeduur, maar geleidelik het ook hier 'n verandering ingetree, totdat die

1) Kyk bladsy 181 supra.

inspekteurs hulle geheel-en-al aan die promosie van laerskoolleerlinge tot en met st. V onttrek het (behalwe waar st. V leerlinge die H.S.T.-eksamen moes skryf). Hulle enigste kontrole daarna was om toe te sien dat die klassifikasie in orde was by hulle inspeksiebesoek. So het die laerskool ten opsigte van sy interne organisasie, meer vryheid verkry en kon gevolglik beter voorsiening maak vir die indiwiduele behoeftes van die verskillende leerlinge veral in die laerklasse, want „since no two pupils start from precisely the same place, employ the same means of travel, nor expect to arrive at identical goals, obviously they cannot follow the same set of directions."1) Hoe meer vryheid skole dus geniet, hoe beter kan hulle indiwiduele verskille in ag neem. Wat meer is, as die demokratiese beginsels vryheid verkondig, dan beteken dit nie net vryheid vir die leerlinge nie maar ook vir die onderwyser. „What he (the progressive teacher) expects between pupil and teacher, he also recommends between teacher and administrative or supervisory staff."2)

Uit die inspeksieverslae blyk hoe verskillend die onttrekking van die inspekteurs in die verskillende kringe was t.o.v. die oorplasing van die leerlinge. Reeds in 1929 het W.J. Geerling3) gerapporteer dat daar in sy kring geen gelyktydige inspeksie meer was nie; m.a.w. dat hy hom hoegenaamd nie meer met die oorplasing bemoei het nie. Ook was geen eksamens meer verwag nie. Oorplasing het dus geheel-en-al by die hoof en die klasonderwysers berus na aanleiding van die werk van die jaar. In 1931 het die direkteur gemeld4) dat die inspekteurs al die vorige jaar of twee nie meer die gelyktydige eksamens gekontroleer het nie. Nogtans het

1) Dodd, M.R.: Introducing the Supervisory Program, in Educational Administration and Supervision, Jan. 1937, bladsy 63.
Brubacher, John S.: Modern Philosophies of Education, bladsy 331.
Jaarverslag 192?, bladsy
Ibi

Markötter in 1935 nog gemeld[1] dat hy in al sy skole kontrole uitgeoefen het, en die finale beslissing by hom berus het. In 1939 is oorplasingstoetse in sy kring nog deur komitees opgestel.[2] Hierdie twee voorbeelde dui die uiterstes aan. Hiertussen het al die ander kringe geval.

Die afneem van die eindeksamen (st. VI) en die H.S.T. (st. V) is deur die inspekteurs gelei[3] en hulle moes die proeflesse en die mondelinge werk van kandidate vir O.2 en O.3 afneem. Dit het soveel inbreuk op hulle tyd gemaak dat daar nie voldoende tyd vir die inspeksie van skole oorgebly het nie.[4] Botha en Stephen het in 1929 gekla dat hulle sommige skole slegs een keer in drie jaar kon inspekteer[5]

> "Dit spreek vanself dat dit glad nie 'n bevredigende stand van sake is nie. As die inspekteur enige invloed op leermetodes en die algemene ontwikkeling van opvoedkundige sake in sy kring sal uitoefen, moet hy noodwendig in gedurige en noue aanraking met die skole bly."

Meer inspekteurs was dus volgens hulle mening 'n dringende noodsaaklikheid

2. Standerd-Oorplasing Die gewone prosedure om leerlinge net jaarliks van die een standerd na die volgende oor te plaas, het gedurende hierdie tydperk dikwels onder die soeklig gekom en is van verskillende kante heftig gekritiseer. In 1932 het Malherbe die volgende treurige toestand aan die lig gebring:[6]: Uit die 348,808 leerlinge in die skole van die Unie op 5 November 1930 was 44,144 of 12.8% vertraag, d.w.s. minstens twee jaar te oud vir hulle standerd. Van hierdie aantal het ongeveer 40,000 reeds een keer gedruip in hulle skoollewe, 32,000 twee keer, 7,200 drie keer

1) Jaarverslag 1935, bladsy 112.
2) Ibid. 1939, bladsy 80.
3) Ibid. 1929, bl. 43.
4) Ibid., bl. 43.
5) Ibid., bl. 40.
6) Malherbe, E.G.: Education and the Poor White, bl. 148.

en 1,200 vier of meer keer.[1)]

„The reason for this very serious situation is to be found in the lockstep system of promotion, initiated by the system of individual inspection which prevailed in this country from the time that the Payment-by-Results system was inaugurated in England in the sixties. ... It is true that class inspection has to a large extent replaced individual inspection in recent years, and principals and teachers practically effect the promotions .... In any case, standards to be reached whether the promotion is made by the inspector or by the teacher, and the demands of the curriculum are inelastic. They are the same for dull and bright alike. Therefore, these school examinations act as a selective agency with the result ... that the number of retarded pupils pile up in a heap towards stds. IV, and V, until they reach the 16 years compulsory age limit and manage to escape this soul destroying process of repeated failure."[2)]

Malherbe het aangetoon dat die morele nadeel vir die kinders geweldig groot was. Kinders het so gewoond geword om te druip, en is so dikwels vertel hoe 'n mislukking hulle was, dat dit hulle naderhand nie meer gekwel het nie. „A boy who has it thrown at his head that he is the failure of the class, comes to believe that he is a failure and acts accordingly."

Hawkes stel die saak nog baie ernstiger voor.[3)] Hy haal Senator Copeland se woorde aan, en onderskryf dit heelhartig, dat die mislukkings dikwels misdadigers kweek, en besluit:

„We did not foresee when we made up our beautiful Standards and proceeded to enforce them so firmly that we were about to contribute to a wave of juvenile crime! But even worse, because much more widespread, is the less lurid effect on the vast masses of children who are not driven to crime but only to partial frustration, discouragement, futility, boredom, and various kinds of "escape," into daydreams or into frivolous and unsatisfying distractions outside of school hours."

Ook inspekteurs Robb en Kloppers (Oos-Rand) het in 1933 die jaarlikse oorplasing veroordeel.:[4)]

---

1) Malherbe, E.G.: Education and the Poor White, bladsy 1[illegible]
2) Malherbe, E.G.: t.a.p. bladsy 157.
3) Hawkes, H.E., e.a.: The Construction and Use of Achievement Examinations, bladsy 449.
4) Jaarverslag T.O.D., 1933, bladsy 64, Ook 1931, bladsy 64.

> „Die tempo van vordering in 'n klas is min of meer die van die swakker leerlinge ; en in groot skole is dit wenslik dat die skoolhoofde meer aandag daaraan sal gee om hulle klasse te organiseer in ooreenstemming met die bekwaamheid van hulle leerlinge."

Leerlinge moes, volgens hulle, op enige tyd gedurende die jaar bevorder word, nie alleen op grond van reeds opgedane kennis nie maar ook op grond van hulle bekwaamheid om meer gevorderde werk te kan behartig. Hulle is in hulle sienswyse ondersteun deur Strasheim wat ook 'n vryer klassifikasie voorgestaan het.[1] In 1935 het inspekteurs Viljoen en Gardiner dieselfde beginsel beklemtoon.[2] In 1939 het professor J.Chr. Coetzee dit betreur[3] dat 95% van die leerlinge slegs jaarliks bevorder word.

In 1928 het die redakteur van The New Era geskryf[4]:

> „Psychologists and pedagogues have demonstrated that individuals develop at different rates and in different ways; they have revealed the waste of time involved in schools which still retain ordinary forms and stds. There are pioneers and rebels in every country, in every type of school, but at present they are overwhelmed by system."

Keyter sê: [5]

> „Die ou klassisteem met sy knellende uniformiteit en sieldodende passiwiteit verkrag geheel, of belemmer op ernstige wyse, die nakom van die eise van byna al daardie grondbeginsels, maar veral van dié van Totaliteit, Aktiwiteit, Indiwidualiteit, Sosialiteit en Vryheid."

Die klagtes skyn uiters gegrond te wees. Volgens die huidige indeling van die leerstof in standerds behoort die gemiddelde leerlinge waarskynlik die werk in 'n jaar af te handel. Moontlik sal dit egter slegs 50% van die leerlinge insluit. Die boonste 25% behoort na 6 of 9 maande oorgeplaas te word, terwyl die onderste 25% na 15, 18 of 21 maande oorgeplaas behoort te word. Onder huidige omstandig-

---

1) Jaarverslag T.O.D., 1933, bladsy 68.
2) Ibid 1935, bladsy 68-69.
3) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Sep. 1939, bladsy 27 e.v.
4) The New Era, Jan. 1928, bladsy 2.
5) Keyter, J. de W.: Opvoeding en Onderwys, bladsy 342-3.

hede vind oorplasings vir 95 of meer persent slegs plaas na 12 en dan na 'n verdere 12 maande. Om oorplasing op enige tyd van die jaar moontlik te maak, sal 'n warboel van die organisasie van 'n skool maak, tensy 'n indiwiduele stelsel soos die Daltonplan ingevoer word. Verskeie proefnemings met so 'n stelsel in ons land het egter bewys dat dit geen ingang op groot skaal vind nie. 'n Ander uitweg sou myns insiens wees om elke 6 maande die bevoegde leerlinge oor te plaas. Die standerds kan behou word soos dit teenswoordig is, maar verdeel in hoër en laer, bv. van st. II-hoër word die gewone leerling na st. III-laer oorgeplaas, terwyl die skranderste leerlinge regstreeks na III-hoër kan gaan. In groot skole behoort dit nie die minste moeilikhede in verband met organisasie mee te bring nie, aangesien daar gewoonlik twee of meer klasse van elke standerd is.[1)]

3. Inspekteursrapporte.

Na elke inspeksie moes die inspekteur 'n rapport oor die skool uitreik. Dat die onderwysers die rapporte nie altyd as billik beskou het nie, blyk uit artikels in die onderwysersorgane. In 1929 het "Looker-On" die aandag gevestig[2)] op die groot verskeidenheid wat die inspeksieverslae oor een en dieselfde kring vertoon het.

> "Some inspectors praise very lavishly, others chaff a little kindly, while others are very severe in their criticisms. Indeed, one area seems to have 'back slid' so seriously that the timely arrival of the new inspector was the only thing that saved it from educational disaster."

Jare later, naamlik in 1937, het 'n hoof gewys[3)] op die algehele gebrek aan kontinuïteit tussen opvolgende inspekteurs in 'n kring. Die eerste rapport van 'n nuwe inspekteur was byna altyd sleg, die tweede redelik en

1) Kyk ook bladsy 326 - 327 infra.
2) Transvaal Educational News, Januarie 1929, bladsy 42.
3) Ibid. Oktober 1937, bladsy 7.

daarna baie goed. Een inspekteur het die betrokke hoof in November van 'n sekere jaar meegedeel dat hy sy skool nie sou ondersoek nie, daar dit in so 'n goeie toestand was dat dit 'n verspilling van tyd sou wees. Kort daarna het die nuwe inspekteur 'n rapport uitgebring wat eenvoudig alles in die skool veroordeel het. Die hoof het dan gevra of die standaard van beoordeling foutief was; of die inspekteur verkeerd was dan wel die onderwyser; indien die inspekteur, watter een?

Hierdie gevalle word hier aangehaal, nie om inspekteurs te benadeel of te veroordeel nie, maar slegs om aan te toon welke invloed die subjektiewe, menslike faktor by die beoordeling van skoolwerk speel, en om daardeur aan te toon

(i) dat die stelsel van rapportering deur hoofde, wat hieronder beskryf word, nie op grond van subjektiwiteit as swakker beskou moet word as die rapportering deur inspekteurs nie; en

(ii) dat die graderingstelsel van onderwysers deur inspekteurs, waarop ook later gewys word, nie as alleen geldig by die departement behoort te tel nie.

Die kwessie van eenvormigheid van inspeksiemetodes is op 'n inspekteurs-konferensie in Mei 1933 bespreek.1) Die standpunt van die departement hierteenoor was:

(a) dat inspekteurskonferensies tot doel het om deur gedagtewisseling 'n sekere mate van gelykvormigheid te bereik; en

(b) dat dit nie wenslik is om 'n groter mate van gelykvormigheid te handhaaf as wat deur middel van inspekteurskonferensies bereik kan word nie.

Om tog tot 'n sekere mate te grote uiteenlopendheid van inspeksiemetodes en beoordeling die hoof te bied, het

1) Jaarverslag T.O.D. 1933, bladsy 15.

die Onderwyskommissie (1937) die benoeming van 'n Hoof-inspekteur aanbeveel[1] om beheer oor die hele inspeksie-afdeling uit te oefen en 'n skakel tussen die afsonderlike inspekteurs sowel as tussen die inspekteurs en die direkteur te vorm. So 'n hoof-inspekteur is tans in diens van die departement

4. Rapporte deur Hoofde.

In 1935 is die hele stelsel van inspeksierapporte verander. In 'n omsendbrief te dien effekte[2] kom o.a. die volgende voor:

„Die vorm waarin inspeksierapporte tans opgestel word, is deur die Departement, in oorleg met die Algemene Komitee van Inspekteurs, in hersiening geneem. Die behoefte aan so 'n hersiening is grotendeels te wyte aan die vermeerdering van die aantal onbevredigende rapporte oor die werk van assistent-onderwysers. Die sisteem waardeur die inspekteur 'n individuele rapport uitbring oor die werk van elke assistent, het blykbaar aanleiding gegee tot die neiging wat by sommige prinsipale ontstaan het om hulself vry te spreek van die verantwoordelikheid vir die werk van hul assistente. Die Departement wil prinsipale graag help om groter kontrole oor hul skole te kry sodat hulle beskou word as die gesaghebbende persoon, nie alleen oor die leerlinge nie, maar ook oor die lede van die personeel van die skool.......... Prinsipale sal nou die reg hê om getuigskrifte uit te reik aan hul assistente ........ Prinsipale sal ook in die loop van elke jaar 'n rapport aan die inspekteur voorlê, op 'n datum wat deur hom vasgestel moet word, oor die skool as 'n geheel en oor elke lid van die personeel. Vanaf die begin van die vierde kwartaal van hierdie jaar sal die rapport van die inspekteur oor 'n skool in die algemeen wees en so opgestel wees dat dit 'n duidelike en bondige indruk van die algemene doeltreffendheid van die skool as 'n geheel sal gee. Dit sal nie oor persoonlike sake rakende assistende handel nie.......

Die Departement vertrou dat die groter verantwoordelikheid en gesag wat nou aan prinsipale toevertrou word, tot groter doeltreffendheid in die skole sal lei."

Later instruksies[3] het vereis dat afskrifte van

---

1) Verslag Onderwyskommissie 1939, bladsy 206, paragraaf 731, en bladsy 19, paragraaf 65.
2) Algemene Omsendbrief No. 16 van 1935, dd. 1 Oktober 1935.
3) Departementele Omsendbrief No. 6 van Oktober 193-, bladsy 97.

getuigskrifte, deur die hoof aan assistente uitgereik, aan die departement gestuur moes word.

Die rapport van die hoof oor die skool moes onder die volgende afdelings verstrek word[1]:

A. Gronde, geboue en uitrusting.

B. Administrasie en organisasie, hoof se werk, ens.

C. Biblioteek, skoolklubs, verenigings, buite-skoolse aktiwiteite van onderwysers, ouerkomitees, gebruik van rolprente, ens.

D. Rapporte oor indiwiduele onderwysers en klasse.

Die volgende wenke is aan die hand gegee vir die opstelling van rapporte onder D: Gereeldheid van skoolbesoek, klasbeheer, voorbereiding van werk, onderwysbekwaamheid en doeltreffende vervolgwerk, beheer van skriftelike werk, bekwaamheid van die klas in verskillende leervakke, aantreklikheid van klaslokaal, netheid en gedrag van leerlinge, spesiale werk wat onderneem word, i.v.m. binne- en buitemuurse aktiwiteite, aspekte van werk in die klaskamer ten opsigte waarvan die onderwyser(es) nog leiding en hulp nodig het en hoe hierdie hulp verleen of aangebied word.

Die nuwe stelsel is met gemengde gevoelens deur die onderwysers ontvang, maar die inspekteurs was eenparig in hul mening dat dit groter doeltreffendheid in die hand sou werk.[2] Die volgende aanhaling uit die rapport van inspekteur W.A. Visser[3] in 1935 word volledig weergegee omdat dit die voordele sowel as die gevare van die stelsel duidelik opsom:

„Die nuwe stelsel van inspeksierapporte waardeur die hoof meer direk verantwoordelik gehou word vir die werk van sy assistente, is slegs vir 'n kort tydjie in werking en derhalwe is dit 'n bietjie gewaagd om nou reeds daaroor uit te wei. Die algemene gevoel

---

1) Volgens 'n omsendbrief van die Inspekteurs van Onderwys van die Rand-Sentraal dd. 11 November 1939. Of die besondere indelings oor die hele provinsie geldig was, weet ek nie, hoewel die hoofindelings oral dieselfde was.
2) Jaarverslag 1935, bladsy 83, 104, 114-115; 1937, bladsye 45, 54, 61, 94.
3) Ibid. 1935, bladsy 114-115.

onder die onderwysers is egter dat dit 'n groot verbetering op die ou metode, en ongetwyfeld 'n stap in die regte rigting is.

Die groter verantwoordelikheid wat nou op prinsipale rus, sal ongetwyfeld tot groter doeltreffendheid in ons onderwys lei. Die hoof sal, weens die intensiewer kontrole en toesig, onwillekeurig in nouer aanraking kom met sy assistente en leerlinge. Hy sal dus meer belang moet stel in die werk van sy skool as geheel en sal dus gretiger wees om aan sy assistente leiding en hulp te verskaf.

Daar kan gevalle voorkom waar 'n hoof, weens een of ander grief, misbruik sal maak van sy seggenskap en 'n onverdiende streng rapport uitreik oor 'n assistent, of met opset gunstig rapporteer oor 'n assistent, van wie hy graag ontslae wil raak. In albei gevalle sou dit baie dwaas wees van 'n hoof om sy goeie naam te beklad en om openlik aan sy kollegas en Inspekteur te toon dat hy onbevoeg is om die werk van sy assistent te beoordeel.

Dit ly geen twyfel dat ook die assistent-onderwyser deur die nuwe stelsel gebaat sal word nie. Van alle vooruitgang en verbetering in sy werk gedurende die jaar word verslag gehou en op sy krediet geplaas. Die assistent besef dadelik dat die troue vervulling van sy pligte tot sy eie voordeel lei.

Die nuwe manier van inspeksie is seker 'n groot sprong vooruit ten opsigte van die tydelike krag wat, sê vir drie maande of selfs langer, aan 'n skool verbonde is. Vroeër kon so 'n persoon maar taamlik laks in sy werk gewees het sonder om juis in warm water te beland. Vandag is die posisie heelwat anders. Die tydelike onderwyser weet nou dat hy noukeurig waargeneem word deur 'n hoof van wie verlang word om 'n rapport oor sy werk aan die Inspekteur te lewer. Hy kom dus tot die besef dat, alhoewel hy tydelik in die skool werksaam is, daar tog 'n rapport oor sy werk ingedien word. Die gevolg is dat ook hy goeie werk probeer lewer.

Die veelvuldige werksaamhede van die Inspekteur en die verwisselings van personeel het dit moontlik gemaak vir trae of swak assistente om vir 'n geruime tyd nie in moeilikhede te beland nie. Die doelmatiger en intensiewer kontrole van die hoof sal nou egter die genadetyd vir hierdie groep aanmerklik inkort.

In die verlede moes inspeksierapporte aan 'n tweeledige doel beantwoord, naamlik as getuigskrifte vir die onderwysers as hulle aansoek doen vir nuwe betrekkings, en as maatstaf om die peil van 'n skool te bepaal. Die gevolg was dat skoolrade en skoolkommissies dit soms moeilik gevind het om so 'n rapport korrek te vertolk en te beoordeel. Onder die nuwe stelsel sal dit egter moontlik wees om rapporte van algemene aard bondiger en doelmatiger op te stel. Die Inspekteur sal in staat gestel word om beter beheer en kontrole in sy kring uit te oefen, en sal tyd vind om skole gereelder en in sommige gevalle meer dikwels te besoek. Hy sal ook ruimer geleentheid kry om werk van 'n meer opbouende en permanente aard te verrig. Saam met die hoof sal hy in nouer aanraking gebring word met die kleinste besonderhede van die skoolwerk, en sal dus in staat gestel word om 'n juister oordeel te vel."

Die onderwysers wat nie so eenparig ten gunste van die nuwe stelsel nie. Op die kongres van die V.O.T.M.S. is in 1937 besluit[1] om die direkteur te vra dat die stelsel van geheimhouding prysgegee moes word en dat die rapport van die hoof aan die betrokke assistente getoon moes word.[2] Die departement wou egter hieraan geen gehoor gee nie, alvorens die stelsel nie behoorlik op die proef gestel was nie. Terloops kan vermeld word dat die geheimhouding vandag nog nie opgehef is nie.

In die orgaan van die T.T.A.[3] het in Januarie 1938 'n artikel verskyn van "Quicumque" wat beweer het dat, waar seksie 33(4) van die diensvoorwaardes bepaal het dat 'n inspekteur 'n onderwyser so gou moontlik, en in die reël op dieselfde dag van inspeksie, in kennis moes stel van sy voorneme om 'n rapport van onbevredigende werk uit te reik, terwyl hy sy rede hiervoor moes gee, die nuwe metode 'n rugwaartse stap was daar die rapport van die hoof konfidensieel was en ontoeganklik vir die assistente. Verder het hy geskryf:

> „Whereas a report from an inspector would have to be immediately substantiated by facts, otherwise being construed as slanderous, a principal's report, when prejudicial, is defective by reason of its confidential nature and the time element introducing delay, and material alteration of circumstances and fact which come from delay. It is unsatisfactory from the point of view of the assistant as well as the principal. The system of principals' reports is bound to bring about an undesirable spirit in our schools, by engendering an attitude of suspicion which is detrimental to efficiency."

Die T.O. het verder gegaan en 'n vraelys aan sy lede gestuur,[4] waarop 1,058 antwoorde ontvang is, naamlik 359 van hoofde en 699 van assistente. Hier volg enkele van

---

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, September 1937, bladsy 16, besluit Dl.
2) Die geheimhouding is vervat in Departementele Omsendbrief No. 12 van Desember 1935, bladsy 23.
3) Transvaal Educational News, Januarie 1938, bladsy 6-7.
4) Die Christelike Skoolblad, Maart 1939, bladsy 9 e.v.

die bevindings:

„Die opgawes dwing ons tot die gevolgtrekking dat die huidige stelsel hom beter by groter skole as by kleiner skole aanpas. Ons skryf hierdie verskil in sienswyse toe nie aan die verskil in bekwaamheid van hoofde nie, maar wel aan hul verskil in rang. ..... Die meerderheid assistente is bereid om die volle verantwoordelikheid toe te vertrou aan hoofde van groter skole, maar beide hoofde en assistente weier dit aan hoofde van kleiner skole met 'n meerderheidsstem."

Veral in klas IV-skole was daar 'n sterk konflik. Daar dien verder op gelet te word dat bostaande gevolgtrekkings nie eenparig deur die onderwysers onderskryf is nie, aangesien daar telkens 'n aansienlike aantal in die minderheid gestem het. Oor een punt was die groot meerderheid dit eens (929 teen 80), naamlik dat die hoof sy rapport aan die assistente moes voorlê vir bespreking.

Op die kongres van die T.O. in April 1939[1] is die aanbevelings van die rapport-stelselkommissie voorgelê en aangeneem, behalwe die aanbeveling dat hoofde van klas IVA en IVB geen rapporte moes uitbring nie, wat met 77 teen 22 stemme verwerp is. Alle hoofde moes dus, volgens die meerderheid, rapporte uitbring. Aangesien die stelsel toe reeds meer as 3 jaar in werking was, kan aangeneem word dat dit 'n goeie verandering in die oë van die meeste onderwysers was, en gekom het om te bly.

Die onderwyskommissie (1937) het dan ook aanbeveel[2] dat met die stelsel voortgegaan moes word, aangesien dit dieselfde rigting gevolg het as die van die eksamens, naamlik die rigting van minder strenge beheer van buite en derhalwe in die rigting van groter vryheid vir die skole. „Die inspekteurs se verhouding tot die skool verander gelyktydig van dié van die kritikus tot die van gids en raadgewer" het die verslag gelui.

---

1) Die Christelike Skoolblad, Mei 1939 bladsy 23.
2) Verslag van Onderwyskommissie, 1939, bladsy 205-206.

Wat eintlik net 'n voortsetting van die nuwe rapportstelsel, en 'n noodsaaklike aanvulling daarvan was, was die instruksie aan hoofde[1] in 1940 om aan die einde van elke kwartaal op 'n voorgeskrewe vorm 'n rapport by die inspekteur in te dien oor die werk van elke tydelike onderwyser(es). Die instruksie is sedertdien[2] gewysig sodat 'n rapport nou slegs ingedien hoef te word as die tydelike persoon die skool verlaat.

Hierdie stelsel wat in die Transvaal in 1935 ingevoer is, was geen oorspronklike nie. In „The Journal of Educational Method" van April 1922 het T.W. Gosling reeds geskryf[3]:

> „Now if there is ever to be adequate supervision, the work must be done mainly by the principals. This statement applies to large schools as well as to small ones....... The most effective method of securing adequate supervision is to exalt the office of principal, to invest the principal with greater responsibility, and to expect in return a large measure of initiative, of leadership and of helpfulness."

In Madison, Wisconsin was die toesig geheel-en-al in die hande van die hoofde, terwyl die superintendent 'n groot deel van sy tyd aan samesprekings met hoofde bestee het.

Hiermee het die skole in die Transvaal nog 'n groter mate van outonomie erlang.

5. <u>Gradering van Onderwysers</u>.

'n Ander saak waarmee inspekteurs belas is, is die gradering van alle onderwysers in hulle kringe, hoofde sowel as assistente, in klasse A, B, C en D. Hierdie gradering word streng geheim gehou en geen onderwyser weet waar hy staan nie, behalwe as hy in klas D, die onbevredigende groep, gegradeer is, wanneer hy volgens artikel 33 van die Diensvoorwaardes[4] kennis kry om binne ses maande

---

1) Departementele Omsendbrief No. 2 van April 1940, bladsy 49
2) Ibid No. 2 van Februarie 1944, bladsy 12.
3) Aangehaal deur Barr, A.S., en Burton, W.H.: The Supervision of Instruction, bladsy 40.
4) Handboek van Onderwyswette 1929, bladsy 101-102.

te verbeter of gestraf te word. Na ses maande word sy werk deur 'n inspekteur ondersoek. Paragraaf 3(c) van artikel 33 meld dat, as 'n latere inspeksierapport aantoon dat die onderwyser se werk nog steeds of weer onbevredigend is, hy verplaas kan word, sy pos in graad verlaag kan word, sy jaarlikse verhogings ingehou kan word, d.w.s. as hy nie ontslaan word nie.

Die gradering van onderwysers geskied op grond van die volgende oorwegings[1]: Gehalte van werk in die klaskamer, verhouding van die onderwyser tot die kinders, die hoof, sy kollegas en die ouers, deelname aan buitemuurse aktiwiteite, studie, persoonlikheid. Kwalifikasie en dienstyd tel nie mee nie.

Die inspekteur wat die bogaande inligting aan my verstrek het, het toegegee dat die standaarde kan verskil as gevolg van subjektiewe oordeel, maar het bygevoeg dat 'n onderwyser baie selde sal ly as gevolg van onder-gradering. Die gradering het, volgens my informant, hoofsaaklik te doen met die promosie van 'n onderwyser.

Hierdie beleid van geheimhouding, hoe onskuldig dit ook mag wees, wek maklik agterdog, en dit is dan ook geensins bevreemdend nie dat verteenwoordigers van die Gesamentlike Komitee van die drie Onderwysersverenigings hulle in 1941 tot die direkteur gewend het met die versoek dat die gradering afgeskaf moes word[2]. Die direkteur wou egter geen gehoor gee nie. Onder andere het hy gesê: "The system of grading is an honest attempt at arriving at a true and fair estimate of a teacher's ability and of his worth to the profession." Hy het daarby gevoeg dat die graad maar as <u>een</u> van die faktore vir promosie gegeld het.

---

1) In mondelinge onderhoud meegedeel deur 'n Inspekteur van Onderwys op 20 Mei 1944.
2) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, September 1941, bladsy 13.

Hierteenoor kan aangevoer word dat die oordeel van die inspekteur nie maar as een van die faktore geld by aanstellings nie, maar as <u>die</u> faktor; d.w.s. as die volgende uitlating van die Onderwyskommissie[1] op feite berus, wat wel aangeneem moet word:

"729. Die Departement het hierdie moeilikhede van die applikante en van die skoolraad ingesien en getrag om dit te bowe te kom -

(a) deur prinsipale toe te laat om getuigskrifte te gee;
(b) deur prinsipale opdrag te gee om jaarliks aan die inspekteurs 'n kort verslag oor die werk van elke onderwyser te verstrek;
(c) deur aan inspekteurs opdrag te gee om 'n rekord van elke onderwyser aan te hou, gebaseer op die verslae van die verskeie prinsipale en op indrukke wat hulle tydens hul inspeksies opgedoen het;
(d) deur inspekteurs te beveel om vrae van kollegas of skoolrade te beantwoord betreffende applikante vir poste."

Veral (c) en (d) toon dat die oordeel van die inspekteur deurslaggewend moet wees by aanstellings en bevorderings.

Baie noukeurige en wetenskaplike bepaling van die graad van 'n onderwyser is dus noodsaaklik.[2]

6. Ander Werksaamhede van Inspekteurs.

Afgesien van die bogenoemde funksies wat 'n inspekteur te vervul het, kan die volgende 'n begrip verskaf van die werk van 'n teenswoordige inspekteur:[3]

Die amp van 'n inspekteur is van drieërlei aard:

1. Hy is die tegniese adviseur van die departement in verband met wat werklik in die skole gebeur in sy kring.

2. Hy is met 'n groot hoeveelheid administrasiewerk belas - hy moet toesig hou oor geboue, die onderwys in sy hele distrik organiseer en doeltreffend maak, vervoerskemas en die stigting van nuwe skole aanbeveel, en ten nouste saamwerk met die skoolraad; hoewel hy en die skoolraad hulle afsonderlike funksies te vervul het, raak dit mekaar op baie punte.

---

1) Verslag van Onderwyskommissie, 1939, bladsy 206.
2) Barr, A.S.: An Introduction to the Scientific study of Classroom Supervision, bladsy 322, 327 en 356.
3) Strasheim, J.J. (Inspekteur van Onderwys, Johannesburg): Meegedeel in mondelinge onderhoud.

3. Hy is die oë en ore en die mondstuk van die departement t.o.v. die publieke mening. Hy moet die departement vertroud hou met probleme wat opduik. Die inspekteur kan egter nie die openbare mening reg vertolk nie tensy hy hom verdiep in die maatskaplike lewe van die omgewing waarin hy gestasioneer is. In Johannesburg waar daar tans 5 inspekteurs staan, is die inspektoraat direk verteenwoordig op die Rooikruis, Jeugraad, Veiligheid-Eerste-vereniging, liggame en inrigtings soos die Hope Home, Kerkraad, Rotariërklub, Afrikaanse Kultuurverenigings, terwyl daar noue samewerking is met die Kinderwelvaartvereniging, die Stadsraad, die Kinderhof, proefbeamptes, ens.

(b) Die Twee Tale geniet deurgaans in hierdie verhandeling besondere aandag omdat dit van alle skoolvakke waarskynlik die meeste moeilikheid in 'n tweetalige land lewer. Die inspekteurs bestee gewoonlik baie aandag daaraan in hulle verslae, en 'n deurlopende ontwikkeling kan bespeur word wat nie die geval met die ander vakke is nie. 'n Gereelde verskynsel i.v.m. die ander vakke is dat sommige inspekteurs die onderrig daarin goed gevind het terwyl andere dit in geen onsekere taal veroordeel het. Dieselfde geld in 'n sekere mate ook vir Engels as tweede taal.

(i) Engels as tweede taal: In 1929 het Strasheim gevind[1] dat Engels in die Afrikaansmediumskole van die Wes-Rand, met een uitsondering, deeglik onderwys is en die resultate besonder goed was. ,, Sommige van die leerlinge van hierdie skole staan in Engels nie ver agter nie vir leeringe in die beste Engelsmediumskole waar Engels die eerste asook die voertaal is. In elke opsig doen hierdie skole baie deeglike werk." In dieselfde jaar het Geerling (Suidwestelike kring) gerapporteer[2] dat Engels as tweede taal maar die swakste vak in al die klasse van die skole gebly het.

In 1931 is ongunstige rapporte i.v.m. Engels uitgereik deur Geerling, Linney, Orban, Viljoen, terwyl gunstig gerapporteer is deur du Plessis, Yates en

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1929, bl. 58.
2) Ibid., bladsy 67.

Botha. Dit skyn of J.A. Smuts die saak reg gesien het toe hy in 1937 geskryf het[1]: „Dit is moeilik om presies vas te stel of Engels vandag beter en met meer sukses onderwys word as voorheen, want die beoordeling is grootliks 'n subjektiewe saak".

Van Engels as eerste taal word gewoonlik niks in die rapporte aangetref nie.

(ii) Afrikaans is meestal gunstig beoordeel waar dit die eerste taal was.[2] Die vordering van die vorige tydperk is volgehou. Waar dit egter die tweede taal was, was die uitspraak minder gunstig. Yates en Botha[3] het in 1931 gemeld dat daar min onderwysers in die Engelse skole van Johannesburg was wat behoorlik Afrikaans geken het, en wat dus die leerlinge tot hulp kon wees, hoewel beide leerlinge en ouers die belangrikheid van 'n grondige kennis van Afrikaans besef het.

(iii) Voertaal: Volgens die Rissik-ord. van 1911 kon die ouers kies deur watter medium hulle kinders onderrig moes word, en, soos in vorige hoofstukke aangetoon, het ouers dikwels, tot nadeel van hulle kinders, die verkeerde taal as hulle huistaal opgegee. Hierdeur is daar gedurig moeilikhede ondervind[4] in die praktyk. In 1929 is op 'n inspekteurskonferensie besluit om die departement te vra om regsadvies t.o.v. die interpretasie van die wetsbepalinge in te win en in 1930 is sodanige regsadvies verstrek. Ingevolge 'n besluit van die Uitvoerende Komitee is 'n omsendbrief (no.11 van 1932) aan inspekteurs, hoofde en skoolraadsekretarisse gestuur waarin daarop gewys is dat die ouers slegs 'n keuse gehad het in gevalle waar die saak twyfelagtig was. Waar die kind in die beweerde huistaal nie tuis was nie, het die ouer geen keuse gehad nie. 'n Volgende omsendbrief (no.89 van 1932) het bepaal dat die hoof 'n kind by sy eerste toelating tot 'n goewermentskool moes toets t.o.v. die taal wat hy die beste verstaan het en hom dan daarvolgens moes klassifiseer. In gevalle van twyfel moes

---

1) Jaarverslag 1937, bladsy 57.
2) Ibid. 1929, bladsy 76; 1931, bladsy 80; 1939, bladsy 61 en 107.
3) Jaarverslag T.O.D. 1931, bladsy 104.
4) Ibid. 1932, bladsy 25, waaraan die hele paragraaf ontleen is.

die inspekteur beslis.
In 1934 is die Ondersyswet (Taal) Wysigingsordonnansie deur die Provinsiale Raad van die Transvaal aangeneem[1] waarin hierdie beginsels bekragtig en wetlik gemaak is.

Die volgende tabel toon die verdeling van leerlinge volgens voertaal gedurende die tydperk 1928 tot 1940. Gerieflikheidshalwe word Nederlands by Afrikaans gereken, waar dit gedurende die eerste paar jaar nog voorgekom het.

Tabel XIX. Verdeling van leerlinge volgens Voertaal Transvaalse skole 1928 - 1940[2].

| Jaar. | Engels. | Afrikaans. | Gedeeltelik Engels en gedeeltelik Afrikaans. | Totaal | Persentasie in Enkelmediumskole. | Persentasie in Dubbelmediumskole. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1928 | 51544 | 74177 | 7672 | 133393 | 94.2 | 5.8 |
| 1929 | 54184 | 74615 | 9686 | 138485 | 93.0 | 7.0 |
| 1930 | 55103 | 77474 | 8235 | 140812 | 94.2 | 5.8 |
| 1931 | 53935 | 78231 | 8944 | 141110 | 93.7 | 6.3 |
| 1932 | 53428 | 78813 | 9468 | 141709 | 93.3 | 6.7 |
| 1933 | 53168 | 81136 | 8609 | 142913 | 94.0 | 6.0 |
| 1934 | 54172 | 85355 | 6095 | 145622 | 95.8 | 4.2 |
| 1935 | 56732 | 90105 | 4871 | 151708 | 96.8 | 3.2 |
| 1936 | 57082 | 93454 | 5107 | 155643 | 96.7 | 3.3 |
| 1937 | 56620 | 97484 | 6666 | 160770 | 95.9 | 4.1 |
| 1938 | 58018 | 102267 | 4497 | 164782 | 97.3 | 2.7 |
| 1939 | 58196 | 106183 | 1109 | 168788 | 97.4 | 2.6 |
| 1940 | 57882 | 109033 | 4660 | 171575 | 97.3 | 2.7 |

Uit die tabel blyk dit dat die aantal leerlinge in Engelsmediumskole nie in dieselfde mate toegeneem het as die in Afrikaansmediumskole nie. Veral is dit die geval ná 1934 toe die Huistaalwet gewysig is. Die

1) Prov. Kt. no 1311 van 22 Aug. 1934, bladsy 146, Adm. Kennisgewing no 66. Ook vervat in Departementele Omsendbrief no. 6 van Des. 1934, bladsy 3, en Jaarverslag 1934, bladsy 11 - 12.
2) Syfers ontleen aan die verskillende jaarverslae van die T.O.D.

toepassing van die wet het waarskynlik die normale aanwas grootliks geneutraliseer. Die leerlinge met Afrikaans as medium het geweldig gestyg in aantal, omdat daar, behalwe die natuurlike toename, ook die toename was as gevolg van die gewysigde ordonnansie, want daardeur kon slegs die Afrikaansmediumskole baat.

'n Ander verskynsel van belang is die duidelike toename in die persentasie leerlinge wat enkelmediumskole (Engels of Afrikaans) besoek het en die afname in die dubbelmediumskole en klasse.

I.v.m. enkelmediumskole het die direkteur, H.H.G. Kreft, in die jaarverslag oor 1939 as volg geskryf[1) :

„Hierdie beleid is 'n regstreekse uitvloeisel van die ondersoek en eenparige aanbevelings van die Onderwyskommissie van 1917, en blykens die verslag van die jongste kommissie word hierdie beleid ondersteun deur vier (insluitende die voorsitter) uit die nege lede. Nieteenstaande die ingrypende verskil van opinie oor hierdie saak, wat nie uitsluitlik 'n taalvraagstuk is nie, ly dit geen twyfel nie dat die oorweldigende meerderheid van die onderwysers en tegniese raadgewers die enkelmediumskool voorstaan. Dit dwing tot die gevolgtrekking dat van die suiwer opvoedkundige standpunt beskou, aan die enkelmediumskool voorkeur behoort gegee te word".

(c) Eksamens. Soos in vorige jare het die onderwysers ook nou weer heftig te velde getrek teen die eindeksamen van die laerskool en die hoërskooltoelatingseksamen (H.S.T.) met die verskil egter dat hulle nou hulle doel bereik het en die algehele afskaffing van alle eksterne eksamens in die laerskool kon aanskou.

(i) Die Eindeksamen van die Laerskool (Std.VI). In 1928 het die departement vir die eerste keer die hulp van die onderwysersverenigings ingeroep by die opstel van die eksamenwerk, en die T.O. het op sy e.v. kongres in 1929 sy waardering hieroor uitgespreek[2).

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1939, bladsy 32.
2) Die Christelike Skoolblad, Mei 1929, bladsy 25.

Hoeseer die eksamens die skoolwerk nog steeds beïnvloed en oorheers het, blyk uit die voorsittersrede op die T.T.A.-kongres van 1929[1]. Hy het o.a. gesê: „I feel that teachers are driven to methods which are hampering their work to such an extent that, to use the words of a prominent educationalist, 'the object of education is marks not men, qualification not qualities, certificates not citizens' ". Promosie moes, volgens die voorsitter, plaasvind soos in enige werk, op grond van die hele periode van werksaamheid en nie op grond van die werk van die laaste week of twee nie.

Inspekteur J. G. de Vos het ook in 1931 gekla[2] dat die departementele eksamen aan die einde van st. VI die skoolwerk so oorheers het, dat die laer standerds se werk verwaarloos is. Hurter het in dieselfde jaarverslag gekla[3] dat die eksamengees in die laerskole die organisasie en ander werk skadelik beïnvloed het. Terwyl hierdie nadeel van alle kante besef en beklemtoon is, is dit werklik bevreemdend dat die departement nog die versoek van die T.O.-kongres om die eksamen af te skaf, in 1931 geweier het[4]. In antwoord op 'n kongresbesluit van die T.T.A. in die volgende jaar het die departement geantwoord dat die afskaffing van die eksamen in oorweging was[5] —— dus 'n stap verder. In 1933 is 'n dergelike besluit van die T.T.A. egter weer van die hand gewys[6] omdat die toekenning van beurse op die uitslae van die eksamen gegrond was; m.a.w. terwille van die enkeles wat wou meeding vir beurse, moes almal die las van die eksamen tors.

Eindelik, in 1935, is die aankondiging gedoen[7] dat die standerd VI-eksamen afgeskaf en in sy plek 'n beurseksamen

1) Transvaal Educational News, Mei 1929, bladsy 21.
2) Jaarverslag T.O.D. 1931, bladsy 51.
3) Ibid., bladsy 58.
4) Die Christelike Skoolblad, Jan. 1932, bladsy 53, besluit no. 7.
5) The Transvaal Educational News., Nov.1932, bladsy 5, besluit no. 2.
6) Ibid., Jan. 1934, bladsy 23, besluit no. 12.
7) Jaarverslag T.O.D. 1935, bladsy 15-16; en Algemene Om-

ingestel is. Die nuwe stelsel is deur die direkteur as volg uiteengesit:-

„Die eindeksamen van die laerskool word nie meer afgeneem nie as gevolg van die wysiging van die wet (17 Januarie 1933) waarby skoolbesoek tot met Std. Vlll in plaas van Std. Vl verpligtend gemaak word. Toe hierdie eksamen vir die eerste maal omstreeks 'n kwart-eeu gelede in Std. Vl ingevoer is, was daar bloedweinig onderwysfasiliteite. Dit het toe aan 'n aantal gemengde doeleindes beantwoord, soos bv. om die werk aan die end van die verpligte stadium te standaardiseer, kandidate vir die toekenning van hoërskoolbeurse uit te kies en leerlinge tot hoërskole toe te laat.

Met verloop van tyd het verbeterde onderwyskwalifikasies en beter vervoerfasiliteite die dept. in staat gestel om hom in groter mate op die samewerking van prinsipale en inspekteurs en minder op die Std. Vl-eksamen te verlaat, selfs tot die punt om dit uit te skakel en dit deur die Juniorsertifikaateksamen as 'n middel om standaardisasie te verkry, te vervang. Die funksie wat dit gehad het om kandidate vir die toekenning van hoërskoolbeurse uit te kies, is na 'n spesiale beurseksamen verskuif, terwyl die toelating tot hoër- en intermediêre skole vanaf die begin van 1936 behandel sal word as 'n gewone oorplasing van die een skool na 'n ander, behalwe in die geval van die Witwatersrand-Sentraalstreek, waar die Hoërskooltoelatingseksamen aan die end van Std. V nog tydelik behou word.

Die gevolg van die gewysigde wet is tweevoudig: aan die een kant het dit die Juniorsertifikaat verhef tot die peil van 'n offisiële skooleindsertifikaat en aan die ander kant het dit die Std. Vl-eksamen, wat voorheen nogal van taamlike betekenis was, afgebring tot die klas van gewone skooleksamens wat deur prinsipale in, wat genoem kan word, 'n huishoudelike atmosfeer afgeneem word. Voorheen is aan elke leerling wat in die Std. Vl-eksamen geslaag het, 'n sertifikaat gegee. Dit is nou stopgesit. Slegs aan daardie leerlinge wat die wetlik voorgeskrewe ouderdomsgrens bereik het en hul voorneme om skool te verlaat te kenne gegee het, sal 'n Std. Vl-sertifikaat gegee word op dieselfde wyse as Std. Vll- en Std. lX-sertifikate uitgereik word".

In 'n toespraak op die T.O.-kongres in April 1935 het die direkteur in besonderhede ingegaan[1] op die punte wat hy hierbo slegs aangeroer het.

Instruksies te dien effekte is uitgereik in Algemene Omsendbrief no. 9 van 6 Junie 1935. Die beurseksamen het uit die volgende vraestelle bestaan: Engels, Afrikaans, Rekene en Algemene kennis. Algemene Kennis het vrae oor geskiedenis, aardrykskunde, natuurstudie, gesondheidsleer en algemene kennis bevat. Een van die tale moes op die hoër en een op die laer graad geneem word. Om vir 'n beurs in aan-

merking te kom, moes 'n kandidaat 'n groottotaal van minstens 60% behaal. Die eksamen is in November gehou en elke inspekteur moes met behulp van komitees van onderwysers die antwoorde van sy kring nasien[1]. Ten einde die verskillende komitees te help om 'n eenvormige standaard te handhaaf, het die komitees wat die vraestelle opgestel het, 'n memorandum oor elke vak opgestel waarin voorbeelde van antwoorde gegee is sowel as die punte wat vir die verskillende vrae toegeken is. Die vrae is opgestel en gemodereer deur die komitees bestaande uit inspekteurs en verteenwoordigers van die onderwysersverenigings.

Die Algemene Kennis-vraestel was 'n nuwigheid; dit was baanbrekerswerk in die regte rigting. Die vrae het bestaan uit die nuwe tipe eksamenvrae wat met een woord of sinnetjie beantwoord kon word, of deur skrapping of onderstreping. Dit is begryplik dat die vrae aanvanklik heftig kritiek uitgelok het daar dit tot 'n groot mate nog in die eksperimentele stadium verkeer het. Daar was egter ook diegene wat die vrae verdedig het[2].

Die bedoeling van die Algemene Kennis-vraestel was om die algemene intelligensie van die kandidate by benadering te toets om sodoende die geskikste kandidate te vind vir die middelbare skole en hulle deur middel van beurse in staat te stel om 'n middelbare skool te besoek. Maar, siedaar die invloed van eksamens op skoolwerk! In 1937 het inspekteur J.A. Smuts die geboorte van 'n nuwe skoolvak „Algemene Kennis" aangekondig[3]. „Daar word gereeld les gegee in die sogenoemde vak „Algemene Kennis" en aantekeninge word gedikteer aan die klasse". Dat dit nie net in die Lydenburgkring die geval was nie, maar vrywel oral, sal elkeen kan getuig wat Standerd VI-leerlinge gedurende daardie jare onder-

---

1) Jaarverslag 1935, bladsy 201.
2) Die Christelike Skoolblad Mei 1936, bladsy 45, Julie 1936, bladsy 19 en 22; Desember 1936, bladsy 17; Jan. 1937, bladsy 15; Feb.1937, bl.15; Maart.1937, bl. 10; April, 1937, bladsy 22; Julie 1937, bladsy 26 en 27.

wys het.

Vir 75% of meer standerd Vl-leerlinge was die eksterne eksamen toe afgeskaf. Die volgende tabel toon die aantal kandidate wat in 1933 en 1934 die standerd Vl-eksamen geskryf het en die betreklik geringe aantal wat daarna aan die beurseksamen deelgeneem het.

Tabel XX. Laerskoolsertifikaateksamen en Beurseksamen 1933 - 1940[1].

| | Laerskool-sertifikaateksamen | | Beurseksamen. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1933 | 1934 | 1935 | 1936 | 1937 | 1938 | 1939 | 1940. |
| Aantal Kandidate | 12014 | 13352 | 3418 | 3310 | 2382 | 2379 | 2336 | 2352 |
| Geslaag | 9826 | 11140 | | | | | | |
| Meer as 60% behaal | 3580 | 4376 | 1449 | 1251 | 1051 | 1244 | 1129 | 971 |
| % geslaag | 81,8 | 83.4 | 42.4 | 37.8 | 44.1 | 52.2 | 48.3 | 41.3 |

In die Beurseksamen is net diegene as geslaagd beskou wat minstens 60% behaal het; daarom die lae persentasies. Dit is 'n opvallende verskynsel dat hierdie persentasies so grootliks gevarieër het van jaar tot jaar en dit toon dat daar nog maar weinig vordering, indien enige, was op die weg om eksaminering meer betroubaar te maak.

Nog was die onderwysprofessie nie tevrede nie en het weer geagiteer vir die afskaffing van die beurseksamen. Reeds op die T.O.-kongres van 1936 is 'n besluit aanvaar[2] dat die departement versoek moes word om die beurseksamen sowel as die H.S.T. af te skaf. Die departement was egter op daardie stadium nog nie van oordeel dat die algehele afskaffing wenslik was nie.

Hoewel die beurseksamen slegs bedoel was as 'n selektiewe eksamen vir die toekenning van hoërskoolbeurse, wil ek hier vermeld dat dit in die kring van Rand-Sentraal (ek is nie bekend met ander kringe nie) tot aan die einde van 1941 as

---

1) Syfers ontleen aan die verskillende jaarverslae.
2) Die Christelike Skoolblad, Maart 1937, bladsy 16, besluit no.

'n toelatingseksamen tot hoërskole na standerd Vl gedien het afgesien van die toekenning van beurse. Alle leerlinge in laerskole wat voornemens was om ná standerd Vl 'n hoërskool te besoek, moes aan die eksamen deelneem en minstens 60% behaal om aldus toegelaat te word.

Die Onderwyskommissie, na 'n lang algemene inleiding waarin die nadele van eksterne eksamens beklemtoon is, het die volgende aanbeveling gemaak i.v.m. die laerskool[1) ] : „Dit word aanbeveel dat daar geen eksterne eksamen moet wees i.v.m. die oorplasing van leerlinge van junior tot laer of van laer tot middelbare skole nie". Dit was waarskynlik deurslaggewend.

In 1942 is die ideaal waarna solank gestreef is, eindelik bereik toe die departement aangekondig het[2)] dat hy besluit het om die beurseksamen met ingang van 1942 af te skaf.

In die vervolg sou die volgende faktore[2)] die deurslag gee in die beslissing welke soort skool 'n leerling sou moet besoek na voltooiing van standerd V of Vl in die laerskool : die ouderdom van die leerling, sy natuurlike aanleg en sy skoolprestasie. Die natuurlike aanleg word deur die beroepsvoorligters bepaal en op die leerling se verslagkaart[3)] aangeteken, terwyl sy skoolprestasie, deur die skool self bepaal, sesmaandeliks op sy verslagkaart aangeteken word en hom van skool tot skool volg. Sy prestasie oor verskeie jare kan dus aantoon of hy hardwerkend genoeg is om te baet by die toelating tot 'n hoërskool, en of hy, indien nodig, van 'n beurs voorsien moet word.

Teen die einde van die derde kwartaal moet die gegewens

---

1) Verslag van Onderwyskommissie 1939, bladsy 201, para, 708.
2) Departementele Omsendbrief No.3 van April 1942, bladsy 20 - 22.
3) A- en B- verslagkaarte, T.O.D. 424 en 425, ingevoer ingevolg Algemene Omsendbrief no. 32 van 8 Des. 1941. Die A-kaart bly in die skool, terwyl die gegewens op die B-kaart aan die volgende skool verstrek word. Voorbeelde van die kaarte word in Bylaag II g[illegible].

op vorm T.O.D. 428 (Bylaag III hiervan) aan die inspekteur voorgelê word t.o.v. elke leerling wat na 'n middelbare skool wil oorgaan. Dit word min of meer aangeneem dat minstens 'n I.K. van 110 nodig is en 'n gemiddelde prestasie van 60% om deur standerd X te kan kom. Die ander leerlinge word aangeraai om na 'n junior hoërskool, 'n ambagskool of 'n handelskool te gaan. Besluit 'n ouer egter om sy kind, ondanks deskundige raad, tog na 'n hoërskool te stuur, mag die kind nie geweier word nie, mits daar opening is en hy die skool sonder 'n beurs kan bywoon.

Sedert 1937 is die gebruik om standerd Vl-sertifikate uit te reik, gestaak[1]. Sertifikate, onderteken deur die direkteur, sou slegs aan suksesvolle kandidate in die Juniorsertifikaat-eksamen en die Middelbare Skooleindeksamen uitgereik word. Aan suksesvolle leerlinge van standerds Vl, Vll en lX sou gesertifiseerde verklarings uitgereik word as hulle voldoen het aan die skoolpligwet en skool vir goed verlaat het, en minstens in vier van die voorgeskrewe vakke geslaag het. Vir standerd Vl is in 1937 slegs die volgende vakke erken: Afrikaans, Engels, rekenkunde, geskiedenis, aardrykskunde en natuurstudie. In Februarie 1944[2] is bygevoeg gesondheidsleer, kunsvlyt, kuns, hout en metaalwerk, huisvlyt. Die laasgenoemde twee was voorheen aantekeningvakke. Hierdie wysiging bring 'n groot mate van vryheid mee en werk algemene kulturele opvoeding in die hand.

(ii) Die Hoërskooltoelatingseksamen is, soos in die vorige hoofstuk aangetoon, in 1926 na die plattelandse gebiede uitgebrei terwyl dit in die stedelike gebiede in 1923 ingevoer is. Daar die oorgang tot hoërskole op die platteland feitlik nooit na standerd V plaasgevind het en vandag nog nie plaasvind nie, hoewel reeds in 1926 deur die direkteur in die vooruitsig gestel, was die H.S.T. op die platteland tot

---

1) Algemene omsendbrief no. 15 van 1937, dd. 19 November 1937.
2) Departementele Omsendbrief no. 2 van Februarie 1944, bladsy 12.

geen nut nie en is dit reeds in 1933 aldaar afgeskaf[1]. Dit is slegs in die gebiede Rand-Sentraal, Pretoria en Potchefstroom behou[2]. In die ander kringe kon dit as gewone bevorderingstoetse gebruik word.

Op die kongresse van die T.O.[3] en die T.T.A.[4] is in 1933 op die afskaffing van die H.S.T. aangedring. Die departement het egter geweier en dit as sy beleid aangekondig dat hy voornemens was om die eksamen geleidelik af te skaf. In 1935 is dit nog slegs in die Rand-Sentraal-gebied behou[5]. In 1936 is 'n versoek van die T.O. om dit ook daar af te skaf, van die hand gewys[6]

Met die uiteindelike algehele afskaffing van hierdie eksamen gelyktydig met die beurseksamen het die laerskole van alle eksterne inmenging op hierdie gebied bevry geraak.

<u>(iii) Oorplasing na Hoërskole.</u> Hierdie oorplasing het, nieteenstaande al die argumente wat van tyd tot tyd daarteen aangevoer is, nog steeds na standerd Vl plaasgevind[7], behalwe in Johannesburg waar toelating ex standerd V gebly het. Selfs in Pretoria en Potchefstroom, waar voorheen net soos in Johannesburg na standerd V oorgeplaas is, is die oorplasingstadium in 1937 gewysig, en die direkteur het ook 'n wysiging in Johannesburg in die vooruitsig gestel sodra die vraagstuk van plaasruimte opgelos was. Hierdie beleid was in ooreenstemming met die aanbevelings van die Onderwyskommissie van 1928[8].

In 1934 het die redakteur van die Tydskrif vir Middelbare Onderwys redes aangevoer[9] waarom standerd Vl in die middel-

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1933, bladsy 57 en 63.
2) Ibid., bladsy 147.
3) Die Christelike Skoolblad, November 1933, bladsy 39, besluit no. 19.
4) Transvaal Educational News., Januarie 1934, bladsy 23, besluit no. 10.
5) Kyk aanhaling uit Jaarverslag op bladsy 268 supra.
6) Die Christelike Skoolblad, Maart 1937, bladsy 16, besluit no. 1.
7) Jaarverslag T.O.D. 1934, bladsy 15.
8) Transvaal Educational News, November 1928, bladsy 14.
9) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, November 1934, bladsy 25.

bare skool opgeneem moes word. Hierdie redes het ongeveer ooreengekom met die genoem deur die Onderwyskommissie van 1937[1]. Die Onderwyskommissie het argumente voor en teen oorplasing ná standerd Vl aangevoer en oorweeg, en sy weloorwoë aanbeveling was dat dit die beleid van die Provinsie moes wees om die laerskoolkursus aan die einde van standerd V te beëindig[2]. Hiermee het die departement in beginsel saamgestem[3], hoewel praktiese moeilikhede die algehele uitvoering daarvan jarelank sou vertraag. Tog het die departement in 1940 dit as sy voorneme te kenne gegee[4] om standerd Vl by alle laerskole af te skaf na gelang plaasruimte by hoër- en junior hoërskole beskikbaar gestel kon word.

In 1939 het professor J. Chr. Coetzee, in 'n reeks artikels oor vraagstukke i.v.m. middelbare onderwys, onder andere ook hierdie saak bespreek en 'n nuwe klank laat hoor[5]. Voorheen is slegs geargumenteer oor die vraag of oorplasing na standerd V dan wel na standerd Vl moes plaasvind. Professor Coetzee het hierteenoor op wetenskaplike wyse probeer aantoon dat oorplasing reeds na standerd lV moes plaasvind, en wel op fisiologiese, sielkundige, sosiaal-ekonomiese en administratiewe oorwegings. Die laerskool is net bedoel, volgens hom, om die instrumentele vakke te bemeester, en dit is reeds gedaan na 6 jaar (d.w.s. standerd lV). Vier jaar in die middelbare skool is te min, kinders moet hulle afsloof om die werk te behartig. 'n Skema soos deur hom aanbeveel, sal 6 - 6 gee in plaas van 8 - 4. Ek sou hierdie aanbeveling wil aanvul deur 6-3-3 voor te stel, d.w.s. alle leerlinge wat middelbare onderwys

---

1) Verslag van Onderwys-Kommissie 1939, bladsy 78 - 79.
2) Paragraaf 258, bladsy 79.
3) Jaarverslag 1939, bladsy 16.
4) Algemene Omsendbrief no. 29 van 27 November 1940.
5) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, September 1939, bladsy 27 e.v. en November 1939, bladsy 6.

ontvang, moet na standerd lV drie jaar lank 'n junior hoërskool besoek, en alle hoërskole moet hulle slegs besig hou met standerds Vlll, lX en X. Dit is die praktyk in Kanada[1] dat alle leerlinge eers na die junior hoërskool moet gaan vir drie jaar, en dit dien veral om die leerlinge leiding te verskaf i.v.m. hulle keuse van vakke vir die hoërskool.

Soos in 'n vorige paragraaf vermeld, vind oorplasing na hoërskole, sowel as toekenning van beurse, sedert 1942 plaas op grond van die I.K. en skoolprestasie gedurende die vorige twee jaar. Die I.K. word bepaal deur die beroepsvoorligters, van wie daar tans vier in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement is. Groot belang word aan die I.K. geheg as 'n aanduiding van die standerd wat deur 'n leerling voltooi sal kan word. In die verslag van die beroepsvoorligter oor 1939 is gesê[2]

„Met 'n groot mate van betroubaarheid kan aangeneem word dat leerlinge met 'n I.K. van plus minus 85 deur standerd Vl kan kom, die met 'n I.K. van ongeveer 95 deur standerd Vll, en, volgens gegewens wat versamel is oor die laaste paar jaar, kom 'n betreklik goeie aantal kinders met 'n I.K. van 100 deur standerd Vlll, hoewel nog omtrent 50% sak. ....... In werklikheid sak natuurlik meer leerlinge (as wat volgens I.K. verwag word) óf weëns gebrek aan persoonlike inspanning en psigiese faktore wat die nodige inspanning belemmer, of weëns gebrek aan die nodige aansporing en invloed van die ouers se kant, óf as gevolg van die verkeerde keuse van leervakke en swak onderwys".

Syfers deur hom aangehaal[3], bevestig tot 'n sekere mate hierdie bewering, hoewel die korrelasie blykbaar nie baie hoog sal wees indien bereken nie, waarskynlik te wyte aan bogenoemde bykomstige faktore sowel as aan die mate van onbetroubaarheid wat groeptoetse m.i. nog meer aankleef as indiwiduele toetse. Solank die toetse egter nie op sigself die deurslag gee nie, maar in verband geneem word met die leerlinge se prestasie soos deur die onderwysers bepaal, ver-

---

1) Transvaal Educational News, Mei 1939, bladsy 6 e.v. Art. deur R.T.F. Thompson.
2) Jaarverslag T.O.D. 1939, bladsy 155.
3) Jaarverslag 1939, bladsy 156 e.v. en 1940, bladsy 80 e.v.

skaf hulle stellig 'n uiters waardevolle aanduiding van waartoe 'n leerling in staat is.

(d) Algemeen.

(i) Vooruitgang. Die toename in die aantal leerlinge in alle skole van jaar tot jaar blyk uit tabel XIX, bl. 265 . Laerskoolleerlinge het vanaf 122,960 in 1928 vermeerder tot 153,937 in 1940.[1] Onderwysers in alle skole, insluitende nie-blanke, maar uitsluitende naturelleskole, het vermeerder van 5,365 tot 6230. Die kwalifikasies van die onderwysers het aansienlik verbeter soos uit die volgende tabel blyk:[2]

Tabel XXI. Persentasie Onderwysers in alle Transvaalse Skole uitgesonderd Naturelleskole, Gesertifiseerd, 1927 tot 1940.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1927 | 90.1 | 1932 | 98.9 | 1937 | 99.0 |
| 1928 | 92.5 | 1933 | 99.1 | 1938 | 98.8 |
| 1929 | 94.2 | 1934 | 99.1 | 1939 | 99.6 |
| 1930 | 97.4 | 1935 | 99.3 | 1940 | 99.4 |
| 1931 | 98.8 | 1936 | 99.4 | | |

Die groot verbetering in die kwalifikasies van die onderwysers is dan ook gewis die onderliggende oorsaak van die groter vryheid wat aan skole verleen is t.o.v. eksamens en inspeksie gedurende die laaste dekade.

Reeds in 1929 kon van der Lingen meedeel[3] dat in die Suid-Sentrale kring daar net een onderwyser en twee onderwyseresse sonder onderwysersertifikate was. Al die hoofde behalwe tien het die 0.2-sertifikaat besit, asook baie assistente.

In die 1937-inspeksieverslae is die onderwysers oor die algemeen geprys wat hulle kwalifikasies en belangstelling betref[4] en dieselfde geld vir die 1939-verslae.

1) Syfers ontleen aan die verskillende jaarverslae.
2) Syfers ontleen aan die verskillende jaarverslae.
3) Jaarverslag T.O.D. 1929, bl. 62.
4) Ibid. 1937, bl. 59, 61, 67, 70, 89, 96, 100, 105, 115.

Gedurende die jare 1930 tot 1933 het die finansiële depressie vooruitgang grootliks gestrem. Tabel XIX op bl. 265 toon dat die aantal leerlinge stadig vermeerder het in vergelyking met die ander jare. In 1931 moes besuiniging op alle gebiede toegepas word[1]: die personeel is beperk, skole is gesluit, onderwysers het oortollig geword, leerplig tot st. VIII kon nie toegepas word nie, uitbreiding i.v.m. handwerk en huishoudkunde het nagenoeg tot stilstand gekom. In 1932 het die depressie nog vererger[2] en besuinigingsmaatreëls moes nog strenger toegepas word, sodat daar 'n afname van 138 in die aantal onderwysers was. In 1933 was die ergste verby, sodat selfs st. VII-klasse by baie skole begin kon word.[3]

'n Faktor wat waarskynlik nog meer daartoe bygedra het om vooruitgang te strem, was die gedurige verwisseling in die pos van direkteur. In tien jaar, d.w.s. vanaf 1928 tot 1937 het daar nie minder as ses persone in hierdie hoedanigheid opgetree nie, t.w. die here H.S. Scott ( -1928), N.M. Hoogenhout ( -1931), F.S. Malan ( waarnemend -1932), S.P.E. Boshoff ( -1934), G.A.C. Kuschke ( -1937) en H.H.G. Kreft (1937 - Van kontinuïteit kon daar weinig sprake wees. Groot ondernemingsgees is dikwels geopenbaar, maar het spaak geloop as gevolg van die snelle verwisseling.

(ii) Verhoogde Leerplig. In 1930 is die leerplig verhoog[4] tot 16 jaar of die voltooiing van st. VIII. Op aanvraag kon enige skoolraad die leeftydsgrens verlaag tot 15 jaar, maar nie die skoolstandaard verminder nie. Weëns die swak finansiële toestande kon hierdie verhoging nie ingevoer word nie en is dit in 1931 herroep.[5] Slegs die leeftydsgrens het van krag gebly, nl. 16 jaar, behalwe op die Witwatersrand en Vereeniging-dorp en Barberton-skoolraad, waar dit op 15 jaar

1) Jaarverslag T.O.D. 1931, bl. 8.
2) Ibid. 1932, bl. 10.
3) Kyk bl. 278 infra.
4) Prov. Kt. no. 1111 van 24/12/1930, bl. 649, Adm. Ken. no. 124.
5) Ibid. no. 1155 van 14/10/1931, Adm. Kennisg. no. 119.

gestel is. In 1933, toe toestande verbeter het, is die bepalings van 1930 weer van krag gemaak[1].

Deur die verhoogde leerplig in te voer, is veral die skrander leerlinge wat reeds op 13 of 14 jaar of nog vroeër st. VI voltooi het en dan dikwels onder druk van omstandighede skool verlaat het, behou. Sulke kinders is nog te onryp om rigting te kies in die lewe en daardeur sowel as deur gebrek aan hoër opleiding, word hulle loopbaan dikwels geruïneer.

Op die platteland kon die verhoogde leerplig nie oral ingevoer word nie[2] omdat daar dan aan alle leerlinge buite die driemyl-grens beurse toegeken sou moet word om hulle in staat te stel om sentrale skole te besoek, daar die motorvervoerskema nog nie algemeen in werking was nie. Vrystelling moes dus in die meeste gevalle gegee word. By baie skole[3] is egter reeds in 1933 'n begin met st. VII-klasse gemaak. Jaarliks sou 20 nuwe st. VII- en VIII-klasse ingestel word[4]. In 1935 is daar ook 5 skoolplase opgerig[5] wat onderwys tot st. VIII sou gee, veral vir leerlinge in plattelandse skole.

Sentralisasie, veral deur middel van motortransport, het snel uitgebrei[6] en verder die totstandkoming van st. VII- en VIII-klasse moontlik gemaak. In 1935 was daar reeds 84 motorvervoerskemas in werking[7] wat 3343 leerlinge in 25 skoolraadsdistrikte aangevoer het skool-toe. In 1936 was die aantal skemas 95[8] terwyl daar in 1940 341 skemas was wat 14,074 kinders vervoer het teen 'n koste van £454 per dag[9].

Die vervoerskema is 'n beter middel tot sentralisasie

---

1) Prov. Kt. no. 1223 van 11/1/1933, bl. 15, prok. no. 3.
2) Jaarverslag T.O.D. 1933, bl. 76.
3) Ibid., bl. 78, 84, 89, 93, 98, 100, 107.
4) Ibid. 1935, bl. 16.
5) Ibid., bl. 17.
6) Ibid. 1931, bl. 11.
7) Ibid. 1935, Bylae VI, bl. 244-245.
8) Ibid. 1936, bl. 30.
9) Ibid. 1940, Bylae XII, bl. 141-146.

as skoolkoshuise. Aan lg. is daar ook wel groot voordele verbonde maar daardeur word kinders te vroeg van die huis af weggeneem en die gesinslewe verbreek, en daar is dinge waar die beste skool nie die plek van die gesinslewe kan inneem nie[1]. Ook is die huisgesin 'n eenheid wat volgens die Christelike beginsels nie onnodig verbreek mag word nie

(iii) Verslag van die Onderwyskommissie. Een van die belangrikste gebeurtenisse van die dertigerjare, so nie die belangrikste nie, was die verskyning in 1939 van die verslag van die Onderwyskommissie[2], wat in 1937 benoem is onder voorsitterskap van ds. W. Nicol. Alle vertakkings van die onderwys is deeglik ondersoek en 'n groot aantal aanbevelings gemaak, sommige waarvan reeds ingevoer is, terwyl ander nog wag op invoering ter geleëner tyd. Die groot belangrikheid van die verslag is deur prof. J.Chr. Coetzee in die Tydskrif vir Middelbare Onderwys beklemtoon in 1939[3]. Ook inspeksie en eksamens is deeglik ondersoek en ingrypende veranderings voorgestel. Die afskaffing van alle eksamens in die laerskool is 'n direkte uitvloeisel van die Kommissie se aanbevelings, soos reeds aangetoon.

## 3. INTERMEDIÊRE SKOLE.

(a) Uitbreiding. Die ontstaan van hierdie skole is in die vorige hoofstuk uiteengesit, en daar het dit reeds geblyk dat die stelsel geen sukses was nie[4], om redes wat daar opgesom is.

In 1930 moes die direkteur nogeens meld[5] dat die skole in die stede 'n mislukking was, en in 1931 dat dit ook op die platteland geen sukses was nie[6].

Na die aanvanklike terugslag het daar vanaf 1933 groot uitbreiding plaasgevind as gevolg van die verhoogde skoolplig

1) Brubacher, J.S.: Modern Philosophies of Education, bl. 207
2) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. 5-1939.
3) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Nov. 1939, bl. 2-3.
4) Kyk bl. 205 supra.
5) Jaarverslag T.O.D. 1930, bl. 11.
6) Ibid. 1931, bl. 11.

en die invoering van motorvervoer om sentralisasie te vergemaklik. Hierop is reeds in 'n vorige paragraaf die aandag gevestig. Aan die einde van 1936 was daar 53 laerskole met klasse tot en met st. VIII en 16 wat nog net 'n st. VII-klas gehad het.

Die bedoeling was om jaarliks 20 nuwe st. VII-en VIII-klasse op te rig.[3] Aan die einde van 1937 was daar dan ook 83 sulke klasse.[4] In 1937 is daar egter 'n begin gemaak met die oprigting van junior hoërskole, d.w.s. skole wat onderwys gee tot by st. VIII maar afgeskei is van die laerskool, en in 1938 het die direkteur gerapporteer dat die neiging om by[5] laerskole st. VII- en VIII klasse te stig reeds gedurende die vorige paar jaar „die hoof gebied is." Die inkonsekwentheid van hierdie bewering met die feite is duidelik.

Die nuwe beleid was om junior hoërskole in die lewe te roep wat die stedelike ekwivalent van die skoolplase sou wees. Die eerste junior hoërskool is in Johannesburg geopen in 1937.[6] In 1938 het die soort skool „'n gevestigde kenmerk van die onderwysstelsel van die Transvaal" geword[7] toe daar van 9 junior hoërskole en 12 skoolplase in die verslag van die direktour melding gemaak is.

Die doel van die junior hoërskole, vir sover dit in 1937 en 1938 deur die inspekteurs en die direkteur gesien is,[8] was om 'n breë kulturele opleiding te verskaf, 'n deeglike karakter en 'n gesonde liggaam te ontwikkel en belangstelling te wek vir en vaardigheid te verskaf in verskillende kunste en vaardighede wat in die later lewe van die leerlinge as die sieraad en die afwisseling van hulle ledige ure mag dien. Die doel was goed, en sou die goedkeuring van die meeste moderne filosowe en opvoedkundiges wegdra, as dit maar in die praktyk uitgevoer is.

---

1) Kyk bl. 278 supra.
2) Jaarverslag 1936, bl. 30-31.
3) Kyk bl. 278 supra.
4) Jaarverslag 1938, bl. 14.
5) Ibid., bl. 16.
6) Ibid. 1937, bl. 85.
7) Ibid. 1938, bl. 13-15.
8) Ibid. bl. 86-87 en 1938, bl. 15.

MAAR, het die inspekteurs daarby gevoeg,[1] hoofde sou ook daarna moet streef om 'n bevredigende persentasie van hulle leerlinge by die Juniorsertifikaateksamen te laat slaag. Dit is tans nog die klagte van hoofde van junior hoërskole dat die breë kulturele ontwikkeling steeds skipbreuk ly omdat die oog op die eksamen gevestig moet bly. Geen hoof of personeel wil immers sien dat die meerderheid van hulle leerlinge in 'n eksterne eksamen druip nie (en die eksamen is verpligtend vir alle st. VIII-leerlinge in junior hoërskole), al is dit maar terwille van die publieke mening.[2]

In 1940 was daar 13 junior hoërskole en 9 skoolplase in die Transvaal.[3]

In September 1944 het daar, as gevolg van 'n omvangryke ondersoek, 'n omsendbrief van die departement verskyn.[4] Dit is spesiaal aan die junior hoërskool gewy, en daarin is die doel en taak van die skool asook sy status omskryf. 'n Gedifferensieërde leerplan is voorgeskryf, en die hersiening of moontlike afskaffing van die eksterne Juniorsertifikaat-eksamen, en die vervanging daarvan deur 'n interne krediet-stelsel, in die vooruitsig gestel (bl. 12). As die opvattings wat in die omsendbrief gehuldig word, uitgevoer word, behoort die junior hoërskole van die beste instellings in die land te word. Onbelemmerd deur eksterne eksamens kan hulle hul toelê op die sedelike, sosiale, kulturele, ekonomiese en liggaamlike ontwikkeling van die leerlinge soos in die omsendbrief uiteengesit. Dit is egter iets vir die toekoms.

<u>(b) Eksamens.</u> Die enigste eksterne eksamen in hierdie klas skole is die Juniorsertifikaateksamen, ingestel in 1932.[5]

1) Jaarverslag 1937, bl. 67.
2) 'n Hoof van 'n gevestigde junior hoërskool het hom ongeveer as volg uitgelaat op 'n personeelvergadering in Junie 1944: „Ons kan die voor- en nadele van eksamens urelank bespreek, dog as ons aan die einde van ons bespreking kom, bly die harde feit nog staan dat ons leerlinge in Desember 'n publieke eksamen moet aflê. Ekself is honderd persent teen die eksamenstelsel, maar kan my nie teen die harde werklikheid versit nie. Aan die werk dus! Hou halfjaarlikse eksamens, en kyk hoeveel leerlinge u in Des. deur die eksamen kan kry."
3) Jaarverslag T.O.D. 1940, bl. 15.
4) Deptl. Omsendbrief no. 6 van Sept. 1944.
5) Jaarverslag T.O.D. 1932, bl. 23-24.

Die skoolrekord van die leerling is in aanmerking geneem en tot binne 5% van die eksamenpunte verminder indien dit te hoog was.[1] In 1932 was die eksamen nie verpligtend nie maar daarna wel vir alle skole wat nie verder as st. VIII gegaan het nie.[2] Die vraestelle is deur komitees vir die verskillende vakke nagesien en gemodereer, terwyl grensgevalle ook weer deur die voorsitter van die komitee nagesien is.[3]

Vanaf 1940 is die bewerking van die jaarsyfer as volg gewysig:[4]

(1) As die gemiddelde jaarsyfer die eksamensyfer oorskry met

(i) 6% dan moet die gemiddelde jaarsyfer vir die groep verminder word met 2%,

(ii) 7% . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .4%

(iii) 8% . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .6%

(iv) 9% . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .8%

(v) 10% of meer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . sodat dit ooreenstem met die eksamensyfer.

(2) As die gemiddelde eksamensyfer die gemiddelde jaarsyfer met meer as 5% oorskry moet die gemiddelde jaarsyfer vir die groep gewysig word sodat dit binne 5% van die eksamensyfer gebring word. Dieselfde reëlings het vir die eindeksamen (st. X) gegeld.

Die gevolge van hierdie wysiging is duidelik. Dit het minder gewig aan die jaarsyfer gaan heg en meer aan die eksamen, en was uiters nadelig vir die leerlinge wat gedurende die jaar goed presteer het maar in die eksamen om die een of ander rede swak gevaar het, soos die volgende gevalle toon, as die slaagmerk op $33\frac{1}{3}$% gestel word, en die jaarsyfer $\frac{1}{3}$ van die totaal tel: (Kyk gevalle op volgende bladsy).

'n Lae jaarsyfer (B, C, E, G, H) gee 'n hoër eindpersentasie as 'n hoër jaarsyfer (A, D, F.). E slaag terwyl D druip, en G en H slaag terwyl F druip hoewel die eksamensyfers dieselfde is.

In hoërskole was die Juniorsertifikaateksamen opsioneel behalwe vir beursleerlinge.[5] Hulle het na st. VI slegs twee jaar lank beurse ontvang wat hulle in staat gestel het om 'n

1) Jaarverslag T.O.D. 1932 bl. 93-94.
2) Ibid. 1935, bl. 25 en 201-202, waar volledige besonderhede oor die eksamen verstrek word.
3) Ibid. 1934, bl. 58.
4) Deptl. Oms. n. 2 van Apl. 1940, bl. 31.
5) Jaarverslag T.O.D. 1937, bl. 65.

hoërskool te besoek. As hulle by die Juniorsertifikaateksamen weer 60% (d.w.s. 'n eerste klas) behaal het, is die beurse vir twee jaar verleng, d.w.s. tot die einde van die middelbare skoolkursus.

| Kandidaat | Gemiddelde Jaarsyfer | Eksamensyfer | Uitslag | S. of D. |
|---|---|---|---|---|
| A | 40 | 30 | 30 | D. |
| B | 35 | 30 | $31\frac{2}{3}$ | D. |
| C | 34 | 30 | $31\frac{1}{3}$ | D. |
| D | 42 | 32 | 32 | D. |
| E | 36 | 32 | $33\frac{1}{3}$ | S. |
| F | 43 | 33 | 33 | D. |
| G | 38 | 33 | $34\frac{2}{3}$ | S. |
| H | 34 | 33 | $33\frac{1}{3}$ | S. |

Aan die hand van syfers, ingesamel i.v.m. die vertraging van leerlinge aan die end van 1933, het G.A.C. Kuschke, Tegniese Adviseur van die T.O.D., o.a. tot die gevolgtrekking gekom[1]) dat

(a) die Juniorsertifikaateksamen te streng was,

(b) dat 'n groot persentasie leerlinge in st. VIII was wat nie in staat was om voordeel uit die onderwys op hierdie peil te trek nie.

Die Onderwyskommissie van 1937 het ook deeglike ondersoek na hierdie eksamen ingestel,[2]) en bevind dat die afskaffing toe nog onprakties was omdat die werkgewers en die publiek „op die oomblik nie bereid is om enigiets minder as 'n formele sertifikaat wat deur die Departement uitgereik word, aan te neem nie." Hierop kan geantwoord word dat die publiek nooit tot so iets bereid sal word nie as die departement nie die inisiatief neem nie.

Die Kommissie het o.a. aanbeveel dat „dit die beleid moet wees om geleidelik die erkenning te vermeerder wat vir

1) Alg. Oms. T.O.D. no. 5 van 9/8/34.
2) Verslag Onderwyskomm. 1939, bl. 201-202.

die skoolrekord gegee word, totdat die eksamen mettertyd 'n suiwer interne eksamen word." Daar is reeds op gewys dat die departement in 1940 die teenoorgestelde rigting ingeslaan het.

Die Kommissie het verder aanbeveel „dat mettertyd proefnemings gedoen moet word met die stelsel van 'geakkrediteerde skole'." Hierteen kan aangevoer word dat, as sommige skole geakkrediteerde skole is, die res noodwendig gediskrediteerde skole is, en nie die vertroue van die publiek sal geniet nie. So'n onderskeid sal nie vir die onderwysers aanneemlik wees nie.

Die Kommissie het 'n skema, voorgelê deur 'n ervare onderwyser, onderskryf. Die skema, wat die goedkeuring van die V.O.T.M.S. weggedra het, is in die Verslag opgeneem.[1] Daar is nog geen uitvoering aan gegee nie, en geen wonder nie ---- die skema is so ingewikkeld en oefen soveel kontrole oor die skole uit dat 'n eenvoudige eksterne eksamen blykbaar nog verkiesliker is.

Aangesien die besware wat teen die eksamen ingebring kan word, en die moontlikheid van die afskaffing van hierdie eksamen, ooreenkom met die van die eindeksamen van die Middelbare skool, sal die vraagstuk in die volgende paragraaf verder bespreek word. Die eksamen bestaan tans nog, maar volgens die jongste omsendbrief van die departement i.v.m. junior hoërskole[2] is die hersiening of afskaffing van die eksamen, en die vervanging daarvan deur 'n interne kredietstelsel nou in oorweging.

## 4. MIDDELBARE ONDERWYS.

(a) Algemeen: In 1925 en 1926 het alle tegniese hoërskole in die hande van die Unie-Onderwysdepartement oorgegaan, sodat slegs die gewone tipe hoërskool daarna onder die T.O.D. ressorteer het. In 1940 was daar 46 sulke skole onder die departement.[3]

Die gemiddelde jaarlikse inskrywing het deurgaans toege-

---

1) Verslag van die Onderwyskomm. 1939, bl. 291-293, Aanhangsel G, Skema deur Wm. M^c Cagie. Ook in Tydskrif vir Mid. Skole, Sep. 1935, bl. 7-8.
2) Deptl. Omsendbrief no. 6 van Sep. 1944, bl. 12.
3) Jaarverslag T.O.D. 1940. bl. 184-5.

neem soos uit die volgende tabel blyk.

Tabel XXII: Gemiddelde Jaarlikse Inskrywing in Transvaalse Middelbare Skole 1928 - 1940.[1)]

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1928 | 11,176 | 1933 | 13,456 | 1938 | 16,187 |
| 1929 | 11,818 | 1934 | 13,658 | 1939 | 16,816 |
| 1930 | 12,214 | 1935 | 13,542 | 1940 | 17,920 |
| 1931 | 12,777 | 1936 | 15,036 | | |
| 1932 | 12,881 | 1937 | 15,955 | | |

Terwyl die aantal leerlinge in alle skole, uitgesonderd naturelle, gedurende hierdie tydperk met 28.6% toegeneem het,[2)] het die aantal hoërskoolleerlinge met 60.3% toegeneem. Dit toon 'n geweldige styging in die onderwyspeil van die provinsie.

Vanaf 1940 is die benaming „Vorm" in alle skole afgeskaf en die naam „Standerd" deurgaans tot by st. X ingevoer.[3)]

(b) Inspeksie: A.J. de Vos, voorheen inspekteur van middelbare onderwys, is in 1929 as Eksaminator in die hoofkantoor benoem.[4)] Hiermee is die betrekking van inspekteur van middelbare onderwys afgeskaf en die hele stelsel gewysig. Die departement het besluit om die dienste van de Vos nog gedeeltelik vir inspeksiewerk te gebruik deur hom aan te stel tot voorsitter van die verskillende inspeksiekommissies, bestaande uit die distriksinspekteur tesame met soveel ander inspekteurs as wat die inspeksie van 'n bepaalde skool mag vereis. Op hierdie wyse sou die ondervinding waaroor de Vos beskik het, tot die beskikking van die departement en van die inspekteurs gestel word en sou hyself in regstreekse aanraking met die werksaamhede van die middelbare skole bly. Sy teenwoordigheid op die inspeksiekommissies sou terselfdertyd gelykvormigheid van prosedure en rapporte in die hand werk. Geleidelik kon die aandeel van die eksaminator verminder

1) Jaarverslag T.O.D. verskillende jare.
2) Kyk bl. 265 supra.
3) Alg. Oms. no. 29 van 27 Nov. 1940.
4) Jaarverslag T.O.D. 1929, bl. 6.

word, namate die distriksinspekteurs met die nuwe werk vertroud geraak het.

In hulle 1929-verslae het feitlik al die inspekteurs gemeld dat hulle met die inspeksie van hoërskole behulpsaam was, en almal skyn daar trots op te gewees het. In 1931 het J.C. de Vos as volg geskryf:[1] „Die nouere voeling wat ons nou het met die werk wat in die hoërskole gedoen word, gee ons 'n gulde geleentheid om die doeltreffendheid van die werk van die laerskole in sy latere ontwikkeling te volg en om desnoods die nodige wysigings aan te bring."

In 1934 het die direkteur gemeld[2] dat die stelsel van driejaarlikse inspeksie van hoërskole op die gewone wyse voortgesit is en dat dit goed gewerk het. Die stelsel is tans nog in werking.

Hoewel hierdie bogenoemde verandering die distriksinspekteurs bevredig het deurdat dit hulle status as inspekteurs verhoog het, was dit m.i. nie 'n stap in die regte rigting nie. Om hoërskole te inspekteer is daar deskundiges, spesialiteite in die verskillende vakke, nodig, en distriksinspekteurs word nie noodwendig aangestel met die oog op hoërskole nie, sodat hulle waarskynlik nie altyd spesialiteite in die regte vakke is nie. Die gevolg moet noodwendig wees dat die leiding wat in sommige gevalle nodig is, nie op die beste wyse gegee kan word nie. Uhl[3] verdeel onderwysers veral in twee groepe wat hulle behoeftes betref, nl.

> „many teachers are inexperienced, whereas others, though experienced, are inexpert. The inexperienced teacher may be able to profit by counsel and may require only occasional suggestions. The inexpert but experienced teacher may require painstaking direction or redirection. Many teachers are deficient in the subject matter of their courses; others, though well grounded in certain fragments of subject matter, are so restricted by ignorance of the scope of their courses that they fail to show pupils any of the further reaches of their departments."

Die onderwyser is, as gevolg van laksheid, dikwels onbewus van

„recent additions of subject matter, of progressive thought,

1) Jaarverslag T.O.D. 1931, bl. 51.
2) Ibid. 1934, bl. 8.
3) Uhl, Willis L., and others: The Supervision of Secondary Subjects, 1929, bl. 1-2.

of improved practice, and of research. To cope with such teacher difficulties, the supervisor must be not only a professor but also a practitioner of educational principles and procedures.[1]

Om hierdie groot verantwoordelikheid aan elke hoof van 'n hoërskool oor te laat, kan nie die beste resultate lewer nie, aangesien almal nie in alle vakke ewe bekwaam is nie; daarom behoort die beste onder hulle as inspekteurs van hoërskole aangestel te word, drie of selfs vier, wat alle hoërskole gesamentlik besoek en wat mekaar aanvul t.o.v. die verskillende hoërskoolvakke. As sodanige inspekteurs al hulle aandag aan hoërskole wy, sou die 46 hoërskole en al die junior hoërskole elke twee jaar geïnspekteer kan word. As dit onwenslik beskou word, kan die driejaarlikse inspeksie voortgaan, terwyl die inspekteurs die origee tyd aan die voorligting van onervare, lakse en minder bekwame onderwysers wy, soos deur Uhl aan die hand gegee.

(c) Die Eindeksamen van die Middelbare Skool.

Tabel XXIII. Uitslae van die T.M.S.S.E. 1928-1940.

| Jaar | Aantal Kandidate | Persent Geslaag[2] | Jaar | Aantal Kandidate | Persent Geslaag |
|---|---|---|---|---|---|
| 1928 | 1159 | 68 | 1935 | 1823 | 71.4 |
| 1929 | 1167 | 72.4 | 1936 | 1827 | 65.6 |
| 1930 | 1285 | 68.5 | 1937 | 2141 | 60.9 |
| 1931 | 1491 | 61.6 | 1938 | 2243 | 66.5 |
| 1932 | 1692 | 71.2 | 1939 | 2404 | 66.7 |
| 1933 | 1874 | 64.6 | 1940 | 2515 | 63.0 |
| 1934 | 1874 | 71.4 | | | |

(i) Prosedure. Volgens 'n besluit[3] van Januarie 1926 het die G.M.R. nie meer die voorlegging van skrifte vir sy moderasie geëis nie. Tog het die departement nog jare daarna skrifte aan die Raad voorgelê[4] aangesien sy opinies vir die departement baie waardevol was.

Met ingang van die eksamen van 1931 is die regulasies

...leen aan die verskillende jaarverslae.
2) Kandidate wat 'n aanvullende eksamen kon skryf, is nie bygereken nie.
3) Jaarverslag T.O.D. 1928 bl. 112.
4) Ibid, 1933, bl. 149.

i.v.m. die skooleindeksamen gewysig[1] teneinde te bepaal dat kandidate wat minder as $28\frac{1}{3}$% van die maksimum in die skriftelike deel van die eksamen in 'n vak het, nie as geslaag behoort beskou te word nie, en ook dat kandidate wat minder as $33\frac{1}{3}$% in meer as een vak in die skriftelike eksamen behaal het, nie behoort te slaag nie. Die vereistes is dus verhoog en minder kandidate het in 1931 geslaag. (Kyk tabel op bl. 287.)

In 1931 is die keuse van vakke vir die M.S.S.E. aansienlik vergemaklik en vergroot deur die kennisgewing:[2] „Een van die offisiële tale op die hoër graad is die enigste verpligte vak."

Volledige besonderhede i.v.m. die eksamen is weer in 1935 gepubliseer.[3] Daarvolgens kon 'n kandidaat wat 30% van die maksimum punte in elkeen van die 6 vakke behaal het, slaag as hy, met inbegrip van die punte behaal in die vak waarin hy 30% behaal het, 'n totaal van 50% behaal het. Kandidate wat slegs in een vak gedruip het maar die vereiste minimum puntetotaal behaal het, kon vroeg in die volgende jaar 'n aanvullende eksamen in die een vak aflê.[4]

Gedurende 1937 is 'n groter mate van outonomie deur die G.M.R. aan die departement toegestaan[5] i.v.m. die erkenning van die eindeksamen van die middelbare skool, hoewel die kontrole nog maar byna dieselfde gebly het. Die hersiene voorwaardes was:

(1) Dat so 'n eksamen aan die voorwaardes van die G.M.R. moes voldoen wat betref die standaard, die aantal en die groepering van vakke.

(2) Dat die departement jaarliks, na publikasie van die uitslae, 'n sekere aantal eksamenantwoorde aan die Raad ter insae moes voorlê, tesame met afskrifte van sy sillabusse en eksamenvraestelle.

1) Jaarverslag T.O.D. 193., bl. 141, en Prov. Kt. no. 1114 sien in voetnoot no. 2).
2) Prov. Kt. no. 1114 van 14 Jan. 1931, bl. 34, Adm. kennisgewing no. 22.
3) Jaarverslag T.O.D. 1935, bl. 203-204.
4) Aanvullende eksamens is vir die eerste keer in 1929 ingevoer: Omsendbrief no. 36 van Des. 1929, bl. 2, en gewysig: Omsendbrief no. 46 van Aug. 1931, bl. 2.
5) Jaarverslag 1937, bl. 17.

(5) Dat die G.M.R. twee van sy lede wat verteenwoordigers van universiteite was, op die departementele komitee wat die eksamen beheer het, moes benoem.

Wat die verwerking van die skoolrekord betref, is daar in 1929 bepaal[1] dat as die skoolrekord met meer as 5% van die eksamenpunte verskil het, die skoolpunte vermeerder of verminder moes word tot binne 5% van die punte wat in die skriftelike eksamen behaal is. In 1940 is die wysiging ingevoer t.o.v. die verwerking van die jaarsyfers vir die T.M.S.S.E. waarop reeds gewys is in die bespreking van die Juniorsertifikaat-eksamens,[2] en wat die waarde van die jaarsyfer in sekere gevalle aansienlik verminder het.

(ii) Die Peil van die Eksamen. In 19[illegible] het G.A.C. Kuschke, destyds tegniese adviseur van die T.O.D., syfers ingesamel i.v.m. die vertraging van leerlinge soos aan die end van 1933 geopenbaar,[3] en aan die hand van die syfers tot die gevolgtrekking gekom dat die Trap II- of Vorm V- eksamen te moeilik was. Aangesien 'n groot proporsie leerlinge op verskeie stadiums offisiëel uitgeskakel is, nl. aan die end van sts. V, VI en VIII, was sy mening dat die eksamen te moeilik moes gewees het as daar nog 30% van die leerlinge in hoërskole gedruip het. Sommige jare daarna het dit nog erger gegaan, sodat sy bevindings nie die verwagte uitwerking gehad het nie. Hy het nl. die mening uitgespreek dat die ondersoek aan sy doel sou beantwoord het as dit almal wat daarby betrokke was, daartoe sou bring „om hul oortuigings en praktyke met betrekking tot die vordering van leerlinge te heroorweeg en as dit aanleiding gee tot 'n verbetering van elke tipe van eksamen." Dit is nie duidelik op welke gronde hy sodanige verbetering kon verwag het sondor ingrypende veranderings of selfs suggesties nie.

Dat die peil van die eksamen nie uniform van jaar tot jaar en van vak tot vak was nie, is te kemale bewys deur persone wat die punte vergelyk het. Die volledigste vergelyking

---

1) Omsendbrief no. 34 van Aug. 1929, bl. 6.
2) Kyk bl. 282 supra.
3) Algemene omsendbrief T.O.D. no. 5 van 9 Aug. 1934, bl. 3.

is seker die in die Memorandum wat deur die V.O.T.M.S. in 1942 opgestel is,[1] waar die vakke met mekaar vergelyk is t.o.v. die gemiddelde persentasies behaal, asook die persentasies van jaar tot jaar. Groot verskille is aan die ... van die dag, en dit na moderasie en kontrole, ook deur die G.M.R., en met goedkeuring van die departement. Geen wonder dat op die kongres van die V.O.T.M.S. in 1937 besluit is[2] om die departement te vra (a) dat die standaard van jaar tot jaar nie so moes varieer nie, en (b) dat die gemiddelde persentasie op- of afgebring moes word tot 50% vir die vakke waar daar meer as 500 kandidate was. Die antwoord van die departement was: „Genoteer." Die uitwerking wat dit gehad het, kan afgelei word uit die feit dat dieselfde versoek drie jaar later deur die kongres herhaal moes word.[3] Weer is die besluit „genoteer" met die byvoeging dat die saak die aandag van die Raad van Moderatore geniet het.

Ook in die ander onderwysblaaie en op kongresse is die saak steeds onder die aandag gebring. Op die T.T.A.-kongres van 1930 het die voorsitter daarop gewys[4] dat daar aangedring is op uniformiteit van standaard tussen skool en skool, maar dat daar geen uniformiteit was in die eksamens van die verskillend vakke en jare nie. Waar alle leerlinge nie dieselfde vakke geneem het nie, is die een bo die ander bevoordeel en dit was onregverdig. Vakke is soms gekies nie uit liefde vir die vak of om die waarde van die vak nie, maar <u>omdat minder kandidate daarin gedruip het.</u>[5] In Latyn bv. is 'n standaard deur eksaminatore deurgestel wat onbereikbaar geblyk het. „Surely the only standard should be that which experience shows to be possible with the material at our disposal, not an ideal standard evolved out of one's own consciousness."[6]

---

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Sept. 1942, bl. 8-11.
2) Ibid., Sept. 1937, bl. 15, besluit no. 4.
3) Ibid., Sept. 1940, bl. 27, besluit no. 1 oor Eksamens.
4) Transvaal Educational News, April 1930, bl. 17.
5) Ek het onlangs 'n dogter hoor sê dat sy boekhou i.p.v. Duits gekies het omdat 'n leerling vir elke regte inskrywing in boekhou krediet kry, terwyl daar in Duits vir elke fout punte afgetrek word, en meer punte in Duits verlore gaan as in boekhou.
6) Transvaal Educational News, April 1930, bl. 19.

Uit verskeie soortgelyke betoë van die kant van die T.O. kan die volgende dien as voorbeeld:[1)]

„Die ideale puntestaat vir enige eksamen, insluitende Geskiedenis en Letterkunde, is een wat varieer van die maksimum tot die minimum. Die ideale moeilikheidsverhouding van die vakke tot mekaar sou wees een wat ons matematies bepaal. Die ideale eksamenstandaard sou wees een wat ons vasstel op soveel persent druipelinge. Dit sal ongetwyfeld aan onderwysers en leerlinge meer bevrediging gee as die willekeurige verhoudings en standaarde wat nou berus op die wisselende aard van die vraestelle, die veranderlike stemming en spysvertering van die eksaminator."

Afgesien van al die ander geleenthede is die saak dus, volgens bogaande aanhalings, minstens in 1930, 1933, 1937, 1940 en 1942 aangeroer sonder dat daar enige verbetering gekom het. Soortgelyke aanhalings kan vermenigvuldig word, maar genoeg!

Die verskynsel van die skommeling van punte en persentasies van jaar tot jaar het in Amerika al vroeg in die eeu onrus verwek[2)] en tot stappe aanleiding gegee, bv. deur die Board of Regents en die College Entrance Examination Board, om dit op te los. In die Transvaal is daar, sover ek weet, nog geen stappe in hierdie rigting gedoen nie.

'n Ander kant van die saak is in 1939 deur prof. J.S. van Heerden, hoof van die Normaalkollege Pretoria, aangeroer.[3)] Hy het aangetoon dat die variasie van sukses in universiteitsvakke van jaar tot jaar en van vak tot vak baie groter was as enigiets wat nog t.o.v. hoërskole aangehaal is - ten minste sover dit sy studente betref het. Die volgende tabel, 'n verkorting van die deur hom verstrekte tabel, sal die saak duideliker maak: (Die tabel word aangevul met een deur van Heerden in die Jaarverslag van 1938 verstrek, bl. 61. Kyk tabel XXIV op volgende bladsy.)

Die aantal studente van die kollege wat aan die eksamen deelgeneem het, was weliswaar klein, maar van Heerden het hom tog gedronge gevoel om te vra of die peil wat die universiteit gestel het, nie miskien onredelik hoog was nie. As alternatief

---

1) W.J.E. in Di Christelike Skoolblad, Junie 1933, bl. 5.
2) Kandel, I.L.: Examinations and their Substitutes in the U.S., bl. 41 en 50.
3) Jaarverslag T.O.D. 1939, bl. 142-143.

Tabel XXIV   Persentasie studente geslaag in verskillende Universiteitsvakke.

| | 1934 | 193[illegible] | 1936 | 1937 | 1938 | [illegible]39 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 97.8 | 96.9 | 90.5 | 62.3 | 63.5 | 58.8 |
| Engels | 66.6 | 54.6 | 26.1 | 22.6 | 35.3 | 26.1 |
| Aardrykskunde | 75.9 | 90.5 | 1000 | 68.8 | 63.6 | 89.7 |
| Geskiedenis | 82.2 | 91.7 | 87.7 | 53.9 | 72.5 | 6[illegible]7 |
| Wiskunde | 38.5 | 40.0 | 28.5 | 50.0 | 37.5 | 77.8 |
| ens. | | | | | | |

het hy gestel dat die peil van die hoërskoolkursus te laag was. Hy het geskryf:[1]

> „Dit skyn my uiters onbillik dat die student wat 'n bevredigende produk is van die middelbare skoolsisteem, die slagoffer moet word van 'n toestand van sake wat hy nie kan verhelp nie. Die feit dat daar Universiteitsverteenwoordigers op die Raad van Eksaminatore is, skyn nie veel invloed uit te oefen op die standaard van werk wat deur die hoërskool bereik word of op die wat die universiteit vereis nie. As die peil wat die universiteit vereis billik is, moet die Transvaalse Onderwysdepartement sy hoërskoolkursus hersien. En as hierdie peil nie gebillik kan word nie, is dit eweneens die plig van die Departement om te verhoed dat die leerlinge wat hom bevrediging gegee het, die slagoffers sal word van 'n kursus wat hy in die lewe geroep het. ..... In die geval van Engels is die syfers in die ergste mate verontrustend. Van die 165 Normaalkollege-studente wat die Universiteit ingeskryf was, het slegs 48 Engels as vak gekies. Hiervan het 34 gesak en 14 geslaag."

Dat die eindeksamen die universiteitseise nie bevredig het nie, is dus klaarblyklik. Die onderwyskommisie het dieselfde punt sterk beklemtoon.[2] Die eksamen is, volgens hulle mening, 'n mislukking omdat dit moontlik is om daarvoor te „blok" en 'n kandidaat met beperkte intelligensie en kennis daarin kan slaag en dan tot 'n universiteit toegang kan verkry waar hy nie die werk sal kan behartig nie.

(iii) Die Eksamen se invloed op Skoolwerk. Die eksamen wat in die verskiet gelê het, het begryplikerwyse die skoolwerk oorheers, nie net in die hoogste klas nie, maar reeds vroeër. Baie bronne, afkomstig van manne wat in noue aanraking met die skoolwerk gestaan het, kan aangehaal word om hierdie bewering

1) Jaarverslag T.O.D. 1939, bl. 142-143.
2) Verslag van Onderwyskommissie 1939, bl. 203, paragraaf 714.

te staaf.

De Vos, destyds inspekteur van middelbare onderwys, het dit in 1930 betreur[1] dat soveel gebruik van vorige jare se eksamen vrae in die skole gemaak is om die leerlinge die nodige oefening in wat genoem kan word „eksamen-handigheid" te gee.

In 1930 het die Voorsitter van die T.T.A.-kongres hom as volg uitgelaat:[2]

„From the beginning of the year the stage begins to be set for the great drama which is to be enacted in examination week. .......... Interesting side-issues arising in the course of the work, and offering opportunities for joyous and fruitful exploration, have to be rigorously excluded. ........ and so we are reduced from real education to examination-grinding."

In 1933 het W.J.D.E. daarop gewys[3] dat die eksamens die onderwysmetodes beïnvloed het. Oor nuwe metodes is gepraat, maar die ou beproefde metodes wat goeie eksamenresultate gelewer het, is tog in die stilligheid verkies en gebruik. Dit kon ook nie anders nie aangesien die publisiteitswaarde van 100% suksesse in die openbare eksamens vir 90% van die onderwysers te groot was om te verontagsaam.

In 1935 het J.G. de Vos daarop gewys[4] dat die onderwyser se wel en wee tot so 'n mate van die resultate van die publieke eksamens afgehang het, dat hulle te senuweeagtig was om 'n nuwe weg in te slaan waar hulle enigsins sukses behaal het met hulle ou metodes; daar was dus geen gees van proefneming nie.

J.C. Pauw, sekretaris van die T.O.D., het in 1938 in 'n toespraak voor die T.T.A.-kongres daarop gewys[5] hoe die eksterne eksamen, soos deur die G.M.R. gekontroleer, die werk in die skole, en veral die vrye keuse van vakke, gestrem het: „Throughout the past two decades the Secondary School has had a long and uphill fight to establish its own independent right of existence." En hoewel daar in naam 'n groot keuse van vakke was, het die skole en nie die kandidate nie, gekies. „Our

1) Jaarverslag T.O.D. 1930, bl. 57.
2) Transvaal Educational News, April 1930, bl. 15.
3) Die Christelike Skoolblad September 1933, bl. 3.
4) Jaarverslag T.O.D. 1935, bl. [illegible]
5) Transvaal Educational News, April 1938, bl. 15.

intended differentiation according to aptitude and interest has been forced to tread the mill of the University entrance requirements." Dit was in 1933.

Dieselfde gedagte is deur die Onderwyskommissie in sy 1939-verslag uitgespreek[1]):

„As 'n skooleindeksamen volg dit beslis nie die stelling dat die eksamen die sillabus moet volg en dit nie moet voorskryf nie. Inteendeel is daar duidelik bewys dat die leerplan beslis voorgeskryf word deur die eksamensillabus wat vanuit 'n universiteitsoogpunt opgestel word, en dat die keuse van vakke wat in die skole gedoseer word, in die praktyk feitlik heeltemal beperk geword het tot dié wat 'n universiteit sal aan neem as vrystelling van matrikulasie. Daar is ook algehele eenstemmigheid onder die getuies dat die sillabus van al ons skole oorlaai is vanweë die eise van hierdie eksamen, dat hierdie eise groter is as wat die leerlinge, behalwe die skranderes, op 'n bevredigende wyse in die tyd tot hul beskikking kan voltooi, en dat gevolglik baie leerlinge in die eksamen slaag met baie swak gesimileerde kennis van die vakke."

Reeds in 'n vorige paragraaf[2]) het die Onderwyskommissie die saak as volg gestel:

„In 'n paar woorde opgesom, is die vernaamste grief teen die huidige stelsel van middelbare onderwys die nog steeds oordrewe eerbied vir die matrikulasie-sertifikaat. ...... Ons ondersoek het ons egter geleer dat hierdie grief nog bestaan. ..... Dit moet besef word dat die soort middelbare onderwys wat aan die laaste paar geslagte verskaf was, te eng en te eenvormig was. Die jeug wat om brood gevra het, is met 'n steen weggestuur."

Die eksamen beantwoord dus nie aan sy doel as 'n skooleindeksamen nie en ook nie as 'n toelatingseksamen tot die universiteite nie, en bekommer die skool.

<u>(iv) Wat meet die eksamen?</u> Dit is duidelik dat die eksamen kennis probeer meet, die kennis wat 'n kandidaat op 'n bepaalde tydstip kan reproduseer, sonder inagneming van die metode waarop die kandidaat daardie kennis verkry het, hetsy deur „blok," deur waarskynlike vrae toevallig reg te raai, of deur konsensieuse gereelde inspanning. Ek sê met opset dat die eksamen die kennis „probeer" meet, want dit het dikwels reeds gebeur dat kandidate wat met sekerheid verwag was om te slaag, gedruip het, omdat die eksamenvrae die nadruk op die enkele punte waarvan die kandidate minder seker was, laat val het, terwyl die res van hulle kennis, moontlik deeglike uitgebreide

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1939, bl. 203, paragraaf 713.
2) Ibid., bl. 83-83, paragraaf. 268.

ennis, hulle niks gebaat het nie. Dit is 'n swakheid van die tipe eksamenvrae wat nog in die eindeksamen oorheersend is, die opstel-tipe, hoewel daar reeds soveel navorsingswerk i.v.m. geykte toetse en die nuwe tipe eksamen gedoen is.[1)]

Die ander nadeel is dat die nadruk op „kennis" val. In 'n artikel[2)] het dr. J.F.Burger hierdie nadeel reeds in 1929 beklemtoon:

> „It will be further apparent that our whole educational system was planned on the supposition that edu ation meant imbibing knowledge and that this amount of knowledge had to be measured at regular intervals by means of public written examinations. ......... And the more knowledge a candidate possessed, the greater success it was thought he could make of life ..... This naive belief in the almighty power of knowledge was not peculiar to South Africa; it was the outcome of the intellectual ma[illegible]rialism which held the whole of Europe in its grip during the greater part of the 19th century."

Onder huidige omstandighede waar die kommersiële en industriële aspekte van die lewe so 'n groot rol speel, is kennis nie meer die algenoegsame faktor nie. Nie net wat 'n persoon ken, is van belang nie, maar veel meer hoe hy daardie kennis kan toepas, of hy inisiatief, deursettingsvermoë, aanpasbaarheid e.a. karaktertrekke besit wat nie deur 'n eksamen gemeet kan word nie. Daarom is dit weer waar wat dr. Burger verder sê:[3)] „It is plain that no amount of tampering and juggling with the Matriculation Examination will ever solve the problem of secondary education in S.A." Die hervorming moet nie by die eksamen begin nie, maar by die onderwys self, sonder inagneming van enige eksamen, met die vraag voorop: wat is die doel van die middelbare onderwys? As daar dan eksamens moet wees, moet die eksamens bepaal of daardie doel verwesenlik word in die onderwys. In die woorde van B.C.Meyer op die kongres van die T.T.A. in 1935:[4)] „If we accept the difinition that education is a preparation for life, then the Secondary School Certificate Examinations should, I take it, measure the success of the pupil's training for life - for

1) Coetzee, J. Chr.: [illegible] die Algemene Empiriese Opvoedkunde, bl. 309 en 313.
2) Burger, J.F., in The Transvaal Educational News, Sept. 1929, bl. 29.
3) Ibid., bl. 31.
4) Transvaal Educational News, Mei 1935, bl. 13.

citizenship." Ons hoef nie met Meyer saam te stem dat die doel van onderwys voorbereiding vir die lewe - vir burgerskap, moet wees nie; maar wat die doel ookal is, die huidige eksamen meet dit nie, tensy die doel kennis-inpomping is.

(v) Ander Gesaghebbendes oor die Gebreke van die Stelsel. Dat al die bestaande gebreke van die huidige eksamenstelsel nie net deur Suid-Afrikaners aangevoel is nie, soos die bestaande aanhalings aandui, maar deur opvoedkundiges dwarsdeur die westerse wêreld, blyk uit die toesprake gelewer op die Konferensie van die Nuwe Onderwysbond in 19 .[1] Enkele aanhalings sal dit verder verduidelik. Dr. William Boyd het o.a. gesê (bl. 238):

„The examination system breaks down on three points. The first concerns the paper to be set for the test. No mortal man can set a succession of papers of the same difficulty. ...... I found that the pupil who took the right subject, the easy one, got the highest marks, and the one with the lowest marks had taken the wrong subject. ........ That is the second notable feature of the examination system, that it does not register correctly because the person who has the qualities may not be able to show them. The third point is the uncertainty displayed once the paper passes to that mysterious person - the examiner, probably the most fraudulent feature in the concern, .........."

In verband met die invloed van eksamens op skoolwerk, het Boyd gesê.[2]

„The deeper evil, however, is the demoralising effect of the examinations on the life of the schoo ....... By our examination system initiative is entirely paralysed. The examination is conducted on a syllabus; you cannot set the things to your pupils which you think are the best, nor can you make experiments. As a result your own soul dries up; you stop thinking. You are only the teacher; you are not to reason why. Somebody else has the whole thing fixed for you."

Aan sy eie studente het Boyd dikwels die raad gegee:[2]

„If you want prizes find out what the examiner wants and do that; don't think for yourself because, if you do, nobody will give much consideration to your immature thinking, though in actual life it is very precious."

Volgens Boyd is die rede waarom die eksamenpeil steeds hoër opgestoot word[3] as volg: . „The trouble is that the examiner is always forcing the teacher to higher and higher standards, and the teacher, by his skill, beats him every time,

---

1) Malherbe, E.G.: Educational Adaptations in a Changing Society.
2) Ibid., bl. 239.
3) Ibid., bl. 240.

and up go the requirements to irrational heights," selfs tot so 'n mate dat van 'n onrype leerling 'n opstel verwag word wat die meeste volwassenes nie sal kan lewer nie. Eksamens bring nog mee dat tyd verspil word, nie net met die skryf daarvan nie, maar veelmeer met die voorbereiding daarvoor. Dit bring ook mee dat leerlinge letterlik gedryf word, ja, dikwels onnodig liggaamlik straf moet verduur, net om hoë eksamenpunte te kan behaal, met die gevolg dat, soos Adolphe Ferrière sê:[1] „The ordinary attitude in the traditional school is one of hostility to the master and to good behaviour." En meer nog: „Cheating was greater when there was some maladjustment between teacher and pupils."[2]

Op dergelike gronde is die tradisionele eksamen ook deur ander sprekers op die Konferensie, dr. K.S. Cunningham, prof. F. Clarke, prof. Harold Rugg, veroordeel, en wysigings aan die hand gegee.

Reeds in 1918 het Hartog in Engeland daarop gewys[3] dat eksamens nie ontwikkeling (culture) kan toets nie, maar dit eerder vermoor. Geskiedenis en letterkunde is hoofsaaklik sulke kultuurvakke. Hy het aanbeveel dat eksamens ten minste in hierdie vakke afgeskaf moes word, al sou daar dan 'n verskil in standaard wees tussen die verskillende skole. Kinders vergeet tog die feite sodra hulle 'n tydjie uit die skool is. Die onderrig sal dan vol lewe en belangstelling wees, [illegible] so as wat die leerlinge groot hoeveelhede aantekeninge moet afskryf en van buite leer.

„Culture" definiëer Hartog as volg[4]:

„If culture be distinguished clearly from erudition, and be interpreted as an individual sensitiveness and responsiveness in regard to those things which can be neither weighed nor measured, but are nevertheless regarded as of value by the community, then it may well be held that culture cannot be tested by any formal examination, but only by social intercourse, or by the evidence of original work (thesis or dissertation). A written examination can test a knowledge of literature or a knowledge of history; it cannot test the literary or the historical sense."

---

1) The New Era, Oktober 1921, bl. 226.
2) Ibid, Julie 1928, bl. 139.
3) Hartog, P.J.: Examinations and their Relation to Culture and Efficiency, bl. 9 en 25 en 26.
4) Ibid., bl. 73.

In Suid-Afrika het dit nog tot dusver net 'n saak van praat en skryf gebly. In ander lande, veral Amerika en Engeland, is daar reeds baie navorsingswerk op hierdie gebied gedoen, soos in die Inleidende hoofstuk aangetoon is. Die Transvaal, en Suid-Afrika as 'n geheel, staan op hierdie gebied ver agter by ander lande, en, hoewel Suid-Afrika van ander lande kan leer en die resultate van hulle navorsing vir sy eie doeleindes kan aanwend, is dit tog wenslik om ons eie probleme op eie wyse en op eie bodem te probeer oplos, en nie ander lande se stelsels slaafs na te volg soos in die verlede te dikwels gedoen is nie. Siedaar 'n groot veld wat braak lê vir ondersoekende geeste!

(vi) Voorstelle: Baie voorstelle is reeds deur deskundiges en ander aan die hand gedoen om die besware uit die weg te ruim. Byna almal wil egter 'n eksterne eksamen in die een of ander vorm behou. Daar is sekere swakhede wat in enige eksterne eksamen inherent is, en wat alleen vermy kan word deur die algehele afskaffing van eksterne eksamens assodanig.

In 1930 is deur die T.O. voorgestel[1)] dat die departement die persentasie druipelinge in iedere vak en in die eksamen as 'n geheel moes vasstel om sodoende die groot variasie van jaar tot jaar en van vak tot vak teë te werk. Die hele eksamen assodanig moes dan verder onveranderd in gebruik gebly het.

Ingrypender veranderings is op verskeie tye voorgestel, o.a. deur dr. J.F. Burger van die Kaapstadse Universiteit[2)] in 1929, deur „Lahork"[3)] in 1938, deur inspekteurs A.J. en J.G. de Vos en F.S. Malan[4)] in 1939, deur die Provinsiale Onderwyskommissie[5)] in 1939, en deur R.T.F. Thompson van Winnipeg[6)] in 1939.

Burger wou dat alle hoërskoolleerlinge in drie klasse verdeel moes word. Klas I moes slegs diegene insluit wat van voorneme was om 'n universiteitskursus te onderneem en die

1) Die Christelike Skoolblad, Desember 1930, bl. 9.
2) Artikel in Transvaal Educational News, September 1929, bl. 29 e.v.
3) Artikel in Die Christelike Skoolblad, Desember 1938, bl. 24 e.v.
4) Jaarverslag T.O.D. 1939, bl. 99.
5) Verslag van die Onderwys-Kommissie 1939, bl. 202-204.
6) Artikels in Transvaal Educational News, Mei 1939, bl. 6 e.v. en Junie 1939, bl. 7 e.v.

matrikulasie-eksamen moes net op hulle van toepassing wees. Die eksamen moes dan streng genoeg wees om net intellektuele leiers uit te kies vir universitêre studie. Die eksamen moes bestaan, nie net uit opstel-tipe vrae nie maar ook uit die nuwe tipe vrae; die kandidate se I.K. moes bepaal word; hulle vermoë om onafhanklik te werk, moes getoets word deur hulle 'n stukkie werk te laat inhandig wat gedurende hulle skoolloopbaan onderneem is; hulle moes 'n mediese sertifikaat inhandig; hulle moes 'n getuigskrif van hulle hoof voorlê i.s. karakter. Klas II sou diegene insluit wat 'n min of meer tegniese kursus gevolg het, waar 'n sekere hoeveelheid teoretiese kennis sowel as praktiese vaardigheid vereis is. Die eindeksamen moes albei aspekte toets en in die hande wees van die onderwysers en verteenwoordigers van die betrokke professies en ambagte. Klas III sou bestaan uit die groep wat 'n kursus gevolg het waar praktiese vaardigheid oorheers het en waarheen leerlinge op 12 of 13 jaar kon gaan, waar ongeveer een-derde van die tyd aan skoolwerk en twee-derdes aan 'n ambag gewy sou word. Die vakke moes rondom die ambag as middelpunt gegroepeer word en bedoel wees om van die geskoolde werker 'n intelligente burger te maak, 'n opgevoede man met ruim insigte en belangstelling. Geen finale eksamen sou hier nodig wees nie, aangesien die toets van bekwaamheid in die later lewe sou kom.

„Lahork" het in 1938 'n stelsel voorgestel wat groot ooreenkoms toon met die stelsel wat vanaf 1942 ingevoer is i.v.m. die laerskooleindsertifikaat. Die onderwysers moes self aan die einde van elke drie maande punte toeken vir elke vak asook vir handskrif en netheid, vlyt, gedrag, skoolbesoek, sport, ens. Op die laaste dag van die derde kwartaal moes 'n volledige puntestaat in die hoof se kantoor gereed lê, en gedurende die vierde kwartaal moes die inspekteur of 'n kommissie van inspekteurs elke skool besoek en, deur willekeurig leerlinge uit te kies en te toets, die standaard van die skool se puntetoekenning toets. Volgens hierdie bevinding moes alle punte dan op- of [illegible] en eindelik bepaal word welke kandidate moes slaag of druip.

Die drie genoemde inspekteurs se skema het eintlik op st. VI betrekking gehad maar kon, volgens hulle mening, ook na st. X uitgebrei word. Die onderwysers moes aan alle kandidate punte toeken, maar om die standaard vir elke skool te bepaal, moes elke skool 'n klein aantal van sy kandidate aan 'n eksterne eksamen onderwerp. Op grond van die uitslag is die minimum-standaard vir elke skool bepaal en kon die leerlinge bevorder word op grond van punte deur die onderwysers self toegeken.

Die Provinsiale Onderwyskommissie het aanbeveel dat die beleid van die departement toegespits moes word op die geleidelike vervanging van 'n eksterne deur 'n interne eksamen (paragraaf 715), maar dat, met die oog op moeilikhede en besware, met die huidige stelsel voortgegaan moes word terwyl pogings aangewend moes word om die wydste moontlike keuse van vakke aan te moedig (paragraaf 720). Sekere hervormings is egter aanbeveel (paragraaf 722), nl.

„(a) Dat minder klem gelê moet word op geheue en meer op oordeel en geassimileerde kennis. As 'n middel om hierdie doel te bereik, is dit in oorweging gegee:
(i) dat meer waarde aan mondelinge en minder aan skriftelike eksamen geheg word, en
(ii) dat die gebruik van woordeboeke, naslaanboeke, ens. gedurende eksamens toegelaat word.[1]
(b) Dat die sillabus in sekere vakke effens ingekort word, maar dat 'n deegliker kennis van die sillabus vereis word.
(c) Dat die huidige stelsel betreffende die skoolrekord gewysig word. ..........
(d) Dat die soort vraag wat gestel word, meer by die ouderdom van die kandidate moet aanpas. ..........
(e) Dat 'n hoër minimum vereis word om te kan slaag. Ervare getuies is eenpariglik van mening dat enige soort toets baie doeltreffender is en 'n groter kans tot keuring gee wanneer dit betreklik maklik is maar streng gemerk word dan wanneer dit moeilik is en minder streng gemerk word.
(f) Dat geleidelik meer waarde geheg word aan die skoolprestasie. .......... "

R.T.F. Thompson, senior assistent in die R.H. Smith Junior High School, Winnipeg, het in sy twee artikels die ontwikkeling geskets wat in junior hoërskole en hoërskole in Kanada moontlik geword het nadat universiteitskontrole verdwyn het.

„University control[2] here has been overcome in several

1) By twee geleenthede het ek generaal Smuts dieselfde beleid hoor verkondig, die een by die opening van die N.O.B.- Konferensie te Johannesburg in Julie 1934; die ander keer wee ek nie meer waar nie.
2) Transvaal Educational News, Junie 1939, bl. 7.

> ways. New High School Leaving, Commercial, Technical and Industrial courses have been developed in the high schools. Employers have been persuaded that a word or letter of recommendation from the school means more than a matriculation certificate................. In accredited collegiate institutes .... the principal and teacher concerned must certify that the pupil has obtained a standing on his year's work of not less than 50% in any subject and an average of at least 67% on the full course ...... and has been in regular attendance .... and that the required experiments have been performed in Science subjects. .........
>
> Before accrediting a collegiate institute, the university authorities require that it must reach certain standards as regards facilities and staff; that all test papers must be kept on file for nine months after the examination; and that the accrediting is subject to revocation if the school's recommended students donot prove satisfactory in the university.[3]

As 'n gevolg van hierdie toegewing van die kant van die universiteite kan die hoërskole van Manitoba die leerlinge 'n baie ruimer keuse van vakke en 'n [illegible]e uitgebreider kursus aanbied as wat moontlik is wanneer die groot mikpunt moet wees om so 'n groot moontlike persentasie kandidate deur 'n finale eksterne eksamen te kry. Twee skole in Winnipeg het, volgens Thompson, in 1939 elk kursusse in meer as 30 vakke en vaardighede aangebied, en sommige Amerikaanse skole nog baie meer.

So 'n groot aantal vakke kan begryplikerwyse slegs in groot skole aangebied word, en daarom is dit verblydend dat die Transvaalse direkteur van onderwys in sy toespraak voor die V.O.T.M.S. - kongres van 1940 gesê het[1] dat die departement in die rigting werk van groot hoër- en junior hoërskole wat 'n wye verskeidenheid van kursusse kan aanbied. Die direkteur het die aanbeveling van die Onderwyskommissie onderskryf[2] dat 'n inskrywing van selfs tot 600 toegelaat moes word.

## 5. OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

(a) Regulasies: In 1929 is die regulasies van 1925 so [illegible]wysig[3] dat, instede van 6 universiteits-vakke, slegs 5 B.A. vakke nodig sou wees vir toelating tot die professionele kursus waarvan twee tweedejaarsvakke moes wees of 4 B.Sc.-vakke waarvan twee tweedejaarsvakke moes wees, of die volle diplomakursus [illegible] Suid-Afri[illegible] deur die direkteur

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1940, bl. 9.
2) Jaarverslag T.O.D. 1940, bl. 16.
3) Prov. Kt. no. 1017 van 13/3/29, Adm. kennisgewing no. 168.

van onderwys.

In 1930 is volledige regulasies nogeens verstrek[1] waarin, behalwe vir 'n professionele kursus vir O.3, 'n algemene kursus vir O.2 en 'n professionele kursus vir O.2, ook voorsiening gemaak is vir spesiale kursusse ooreenkomstig die regulasies betreffende vakansiekursusse. Eksamenvakke, maksima en minima, indeling in skriftelike en mondelinge werk, ens. is volledig aangegee.

Die ingrypendste verandering het egter gekom met die invoering van die regulasies van 1933,[2] toe die O.2- en O.3-sertifikate afgeskaf en die Transvaalse Onderwysers-diploma daarvoor in die plek gestel is. Vir toelating tot die kursus is die Transvaalse Middelbare Skoolsertifikaat of 'n ekwivalent vereis. Die kursus het bestaan uit:

A. 'n Akademiese deel wat minstens een jaar universiteitswerk moes omvat. Vyf vakke moes gekies word waarvan minstens drie voltooi moes wees voor toelating tot deel B. Die gedruipte vakke indien enige, moes die student in sy eie tyd voltooi. Later is bygevoeg[3] dat een offisiële taal en 3 wetenskapvakke vrystelling van 'n 5de vak sou meebring.

B. 'n Professionele deel wat oor twee jaar aan 'n opleidingsinrigting sou strek. Differensiasie tussen opleiding vir juniorwerk, laerskoolwerk en middelbare skoolwerk is ingevoer.

Die verpligte vakke vir deel B het uit Afrikaans en Engels (een op die hoër en een op die laer trap), kindersielkunde, beginsels en teorie van onderwys, organisasie en tug, geskiedenis van onderwys, praktiese onderwys, fisiologie en gesondheidsleer en skoolwerke bestaan. Twee uit die volgende drie vakke moes ook gekies word; handwerk, musiek, bordwerk en kuns.

In 1934 is daar bepaal[4] dat kandidate vir opleiding vir die T.O.Diploma by die M.S.S.E. of ekwivalent in beide die offisiële tale moes geslaag het.

1) Prov. Kt. no. 1108 van 3/12/30, bl. 540 e.v. Adm. kennisg. no. 746.
2) Ibid. no. 1267 van 1/11/33, bl. 101, Adm. kennisg. no.534.
3) Ibid no. 1273 van 13/12/33, bl. 371, Adm. kennisg. no. 640.
4) Departementele Omsendbrief no. 4 van Augustus 1934, bl. 5.

Die instelling van die T.O. Diploma het gevolg op 'n konferensie[1] i.v.m. die opleiding van onderwysers gehou te Pretoria in September 1933 op uitnodiging van die Minister van Onderwys en bygewoon deur afgevaardigdes verteenwoordigende die vier Provinsiale Onderwysdepartemente, die Unie-Onderwysdepartement, die vyf S.A. Universiteite en die Federale Raad van Onderwysers.

'n Verandering van belang was dat die akademiese en professionele dele nie meer gelyktydig geneem sou word nie.[2] Dit het die Normaalkolleges vir ten minste een jaar swaar getref, en veral Heidelberg het 'n donker toekoms tegemoet gesien.[3]

In 1936 het die departement besef[4] dat die voordele verbonde aan die uitskakeling van die O.3-sertifikaat denkbeeldig was. Dit is nodig bevind om onderwysers met laer sertifikate as die T.O.D. in diens te neem sowel om ekonomiese redes as omdat daar 'n tekort aan onderwysers was. Vanaf 1937 is daar dan ook weer te Heidelberg 'n begin gemaak[5] met 'n tweejarige kursus na matriek wat in 'n duidelike behoefte, veral wat dames betref, voorsien het.

Tans word onderwysers nog vir die T.O.D. opgelei, maar daar is verskeie kursusse, t.w. een van drie jaar wat suiwer professioneel is, 'n gekombineerde kursus (insluitende universiteitswerk) van drie jaar, en 'n gekombineerde kursus van vier jaar (B.A., T.O.D.) Hierdie inligting is aan my verstrek deur die hoof van die Johannesburgse Opleidingskollege.

(b) Eksamens. Aan die begin van hierdie tydperk, soos steeds tevore, is die onderwyserseksamens ekstern afgeneem. In 1929 het J.S. van Heerden, destyds hoof van die Potchefstroomse Normaalkollege daarvoor gepleit[6] dat die eksamens meer gebaseer moes wees op wat die kandidate gedurende die loop van hulle kursus gepresteer het as op die uitslag aan die einde van die jaar. In sy volgende verslag moes dit hom weer van die hart.[7]

1) Jaarverslag T.O.D. 1933, bl. 18.
2) Ibid. 1932, bl. 22 (iv).
3) Ibid., bl. 51.
4) Ibid. 1936, bl. 61.
5) Ibid. 1937, bl. 117.
6) Ibid. 1929, bl. 35.
7) Ibid. 1930, bl. 45.

„Aan die anderkant," het hy geskryf, „as kandidate wat deur die Opleidingsinrigting goed gesif en voorberei is vir die diens van opvoeding, tog nog die prooi word van die eksterne eksaminator, dan doen onwillekeurig die vraag sig vir die soveelste keer voor, wat word vereis - voorbereiding vir onderwyser in die volste sin van die woord of afrig vir die eksamens sonder meer."

Die pleidooie het nie op dowe ore geval nie, want in 1932 het die Uitvoerende Komitee op aanbeveling van die Departement 'n voorstel aangeneem[1] waarvolgens 'n Eksamenraad i.v.m. die opleiding, eksaminering en sertifisering van onderwysers benoem is.

Die Eksamenraad moes die volgende funksies uitoefen:

(a) Eksaminatore aanbeveel;

(b) die departement van advies dien t.o.v. leerplanne;

(c) verantwoordelik wees vir die modereer van vraestelle;

(d) verantwoordelik wees vir die hersiening van eksamenantwoorde;

(e) die departement adviseer t.o.v. siektegevalle, aanvullingseksamens, ens.

Op die Raad sou dien: die direkteur van onderwys of sy verteenwoordiger as voorsitter, 'n inspekteur van onderwys, die hoofde van die Normaalkolleges en ses verdere verteenwoordigers van die Normaalkolleges t.o.v. die volgende vakke: Geskiedenis van onderwys, Sielkunde, Teorie van onderwys (I en II), Fisiologie en Higiëne, en tale.

Deur die instelling van die Eksamenraad sou die dosente aan die opleidingsinrigtings na die voorbeeld van die geaffilieerde Universiteitskolleges van die Universiteit van S.A. hulle eie interne eksamens afneem en wedersyds as eksterne eksaminatore die werk van hulle kolleges kontroleer en daarmee in voeling bly. Daardeur is aan hulle as 'n proefneming 'n mate van onafhanklikheid en selfstandigheid verleen wat by verstandige gebruik hulle wetenskaplike en kulturele ontwikkeling ten goede kon kom en moontlik bestendig kon word.[2]

Vanaf 1933 is jaarpunte deur die kolleges toegeken.[3]

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1932, bl. 22 (2).
2) Ibid., bl.23.
3) Ibid. 1933, bl. 51.

In 1936 is die Eksamenraad afgeskaf en is aangekondig[1] dat eksamens deur die kolleges afgeneem sou word. In party vakke sou daar slegs 'n interne eksamen afgelê word maar vir ander sou 'n eksterne moderator deur die direkteur aangestel word. In 1937 het die hoof van die Johannesburgse Normaalkollege aangekondig dat die stelsel in sy kollege ingevoer is.[2] Geen verdere vermeldings i.v.m. die eksamens van professionele kursusse kom in die verslae van die direkteur of van die hoofde van Normaalkolleges voor tot 1940 nie.

Die hoof van die Johannesburgse Opleidingskollege, prof. T. Williams, het my egter meegedeel dat die eksamens sedert 1936, toe die Eksamenraad afgeskaf is, intern afgeneem is, met 'n eksterne moderator vir elke vak. Die moderator was altyd 'n personeellid van een van die ander kolleges. Die kollegerekord het 'n waarde van 50% gehad. Vanaf 1944 is alle eksamens afgeskaf, en die sukses al dan nie van 'n kandidaat t.o.v. sy professionele kursus word uitsluitlik deur die hoof en die personeel bepaal op grond van die jaarwerk. Hiermee is die ideaal van interne outonomie ook deur die Normaalkolleges bereik.

Die akademiese deel, geneem aan die universiteite en universiteitskolleges, is deur hierdie liggame geëksamineer, en byna elke jaar het prof. J.S. van Heerden gevind[3] dat die persentasie druipelinge s.i. te hoog was, toe te skryf aan òf te hoë eise van die universiteit òf 'n te lae standaard van die M.S.S.E., aangesien die studente 'n uitgelese groep was, gekeur deur die Streekkomitees wat in 1938 permanente liggame geword het,[4] en waarvan die distriksinspekteur ex officio 'n nie-stemgeregtigde lid was.

(c) Inspeksie. In 1938 is die Normaalkolleges vir die eerste keer in hulle geskiedenis geïnspekteer.[5] Voorheen het die direkteur hom persoonlik verantwoordelik gehou vir die beheer en toesig oor die Normaalkolleges, maar met verloop van tyd het

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1936, bl. 64.
2) Ibid. 1937, bl. 182.
3) Jaarverslae T.O.D. 1937, bl. 130; 1938, bl. 61; 1939, bl.143.
4) Prov. Kt. no. 1526 van 20/7/38, bl. 88, Adm. Kennisg. no. 405, paragraaf 5 (c).
5) Jaarverslag T.O.D. 1938, bl. 21-22.

sy pligte sodanig toegeneem dat hy dit moeilik gevind het om die nodige voeling te handhaaf. Daar is dus besluit om die inrigtings op gesette tye te laat inspekteer deur die direkteur en twee inspekteurs. Twee inspekteurs is vir hierdie doel na die Kaapprovinsie gestuur om daar inligting in hierdie verband te gaan inwin, daar die inspeksie van opleidingsinrigtings 'n ou gevestigde gebruik aldaar was.

Al vier die inrigtings is in 1938 geïnspekteer. Tot 1940 is daar geen melding gemaak van verdere inspeksies nie, maar volgens 'n mededeling van prof. Williams is die kolleges weer in 1941 geïnspekteer deur die direkteur as voorsitter van die inspeksiekomitee, die hoofinspekteur (de Villiers) en 'n ander inspekteur. Dit was tot dusver die laaste inspeksie.

Die direkteur het gevind[1] dat die opleidingskolleges hierdie inspeksiebesoeke betreur het, aangesien dit die indruk geskep het dat hulle nie meer die vertroue van die departement geniet het nie. Die direkteur het egter met beslistheid verklaar dat dit nie die geval was nie.

## 6. NATURELLE - ONDERWYS.

(a) Algemeen: Die tabel op die volgende bladsy verskaf 'n beeld van die uitbreiding wat daar gedurende hierdie tydperk plaasgevind het.

Die eis vir onderwys het elke jaar dringender geword,[2] maar skole kon slegs opgerig word sover as die geld, deur die Naturelle-ontwikkelingsfonds beskikbaar gestel, gereik het. Die aantal skole en leerlinge het sommige jare stilstand getoon,[3] en dan weer met spronge gevorder, soos uit die tabel blyk, na gelang addisionele fondse beskikbaar gestel is. 'n Opvallende verskynsel is die feit dat byna al die skole deur buitelandse sendinggenootskappe in stand gehou is. Die enigste Afrikaanse sending waarvan in die jaarverslae melding gemaak is, is die van die N.H. of Geref. kerk wat byna deurgaans (behalwe die laaste drie jaar) minder as 10% van al die leerlinge

1) Jaarverslag T.O.D. 1938, bl. 21-22.
2) Ibid. 1928, bl. 11.
3) Jaarverslag 1928, bl. 13; 1929, bl.14; 1930, bl. 19-20; 1931, bl. 13; 1932, bl. 27; ens.

Tabel XXV. Naturelle-onderwys in die Transvaal 1928-1940.[1]

| Jaar | Aantal Laerskole | Leerlinge in laerskole | Aantal Mid. skole | Leerlinge in Mid. skole | Aantal Onderwysers | Aantal Ond. Gesert. | Blanke Onderwysers | Opl.-inr.-vir Ond. | Studente in Opl.-inr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 | 498 | 57742 | 2 | 117 | 1427 | 732 | 36 | 3 | 311 |
| 1929 | 588 | 66636 | 2 | 159 | 1638 | 842 | 27 | 4 | 378 |
| 1930 | 581 | 71848 | 2 | 223 | 1400 | 878 | 28 | 4 | 404 |
| 1931 | 579 | 72451 | 2 | 281 | 1408 | 949 | 28 | 4 | 494 |
| 1932 | 576 | 74154 | 2 | 290 | 1408 | 989 | 28 | 4 | 490 |
| 1933 | 569 | 77419 | 2 | 339 | | | | 4 | 528 |
| 1934 | 569 | 83120 | 2 | 381 | | | | 4 | 609 |
| 1935 | 651 | 93890 | 3 | 426 | 1775 | 1328 | 40 | 7 | 896 |
| 1936 | 696 | 85[illegible] | 4 | 536 | 1844 | 1418 | 58 | 7 | 907 |
| 1937 | 787 | 105240 | 5 | 593 | 2204 | 1721 | 60 | 8 | 981 |
| 1938 | 857 | 115174 | 6 | 748 | 2478 | 1770 | 70 | 8 | 1058 |
| 1939 | 869 | 120352 | 9 | 838 | 2534 | 1895 | 66 | 8 | 1010 |
| 1940 | 864 | 127799 | 6 | 761 | 2583 | 1996 | 74 | 9 | 1221 |

n sy skole gehad het.

Die tekort aan onderwysers, en veral gesertifiseerdes, het aanvanklik die werk baie gestrem.[2] Die indiensneming van addisionele onderwysers het ook met spronge plaasgevind. In 1937 was daar 360 onderwysers meer as die vorige jaar, en in 1938 was daar toename van [illegible]4. Die persentasie gesertifiseerdes het toegeneem van 51.3 in 1928 tot 77.3 in 1940. As die aantal studente in die opleidingsinrigtings, wat intussen tot nege aangegroei het, in oë[illegible]skou geneem word, is die verbetering in kwalifikasies van die onderwysers begryplik.

'n Ander faktor wat vooruitgang soms gestrem het, was die bestaan van 'n aantal klein skooltjies in een area.[3] Omdat hulle deur verskillende sendinggenootskappe opgerig is, het die

1) Syfers aan Jaarverslae ontleen. Sommige gegewens is nie verstrek nie. Behalwe die genoemde skole was daar ook 'n paar industriële skole, hoër primêre skole, en junior middelbare skole, altesaam 16 met 623 leerlinge in 1940.
2) Jaarverslag T.O.D. 1929, bl. 111.
3) Ibid. 1936, bl. 116.

samesmelting gewoonlik op onoorkomelike moeilikhede gestuit. Deur die bemoeiing van die inspekteurs is sodanige samesmelting tog in verskeie gevalle bewerkstellig.

In 1940 was ongeveer 60% van alle laerskoolleerlinge in die grade teenoor ongeveer 64% vyf jaar tevore,[1] terwyl die persentasie leerling in sts. IV, V en VI nie eintlik gestyg het nie. Daar was dus 'n mate van ontwikkeling in die onderwyspeil, wat ook waargeneem word in die toename van die aantal leerlinge in die middelbare skole en van die aantal studente in die opleidingsinrigtings.

(b) Geboue en Uitrusting Hoe gebrekkig die geboue en uitrusting nog steeds was, is in die vorige hoofstuk aangetoon. In 1935 het die departement 'n huurtoelaag aangebied[2] t.o.v. doelmatige geboue opgerig na 1 April 1935. As gevolg hiervan is daar in 1936 sowat 90 nuwe skoolvertrekke opgerig en in 1937 nog sowat 150.[3] In 1938 het die hoofinspekteur gemeld[4] dat dit bemoedigend was om te sien hoe baie nuwe klaskamers weer in daardie jaar opgerig is. In 1939 is weer van aansienlike vordering melding gemaak,[5] en in 1940 kon verklaar word[6] dat onder die huurtoelaag-stelsel daar reeds vir ongeveer 25,000 leerlinge voorsiening gemaak is. Ook is hier bekend gemaak dat die Naturelletrust £30,000 beskikbaar gestel het vir die oprigting van geboue, en die verwagting uitgespreek dat 6 nuwe departementele geboue vroeg in 1941 voltooi sou wees.

Baie geboue was egter nog ondoeltreffend, „donker, bedompige en oorvolle kerkgeboue."[6]

Wat die uitrusting betref het, was daar hier en daar verbetering, „maar met uitsondering van 'n klein aantal skole bly die toestand, veral wat betref die leerlinge in die laagste klasse, baie onbevredigend," aldus die hoofinspekteur in 1940.[7]

(c) Inspekteurs en Inspeksie. In die vorige hoofstuk is

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1940, bl. 73.
2) Ibid. 1936, bl. 113.
3) Ibid. 1937, bl. 139.
4) Ibid. 1938, bl. 74.
5) Ibid. 1939, bl. 150.
6) Ibid. 1940, bl. 71.
7) Ibid. bl. 72.

melding gemaak van 3 inspekteurs vir naturelle-onderwys en een naturelle-opsiener. In 1930 is nog 'n inspekteur aangestel,[1] [illegible] G.H. Franz, omdat die uitbreiding te groot was selfs met behulp van die opsieners wat intussen tot 9 vermeerder is. In 1932 is nog 'n addisionele inspekteur in die persoon van H. Liebenberg aangestel.[2] In 1935 het die Naturellesake-kommissie ingestem[3] om twee nuwe inspekteurs te besoldig, van wie die een 'n hoofinspekteur moes wees. Daar was egter vertraging met hierdie aanstellings, en weëns die feit dat Johns in 1935 bedank het[4] en een van die inspekteurs afwesig was om op 'n inter-departementele komitee te dien, is die inspeksie tot 'n groot mate ontwrig. Later in 1935 is dr. W. Eiselen as hoofinspekteur aangestel en dr. P.A.W. Cook en O.W. Spruyt as inspekteurs. Hierbenewens was daar nog die here Achterberg, Franz en Liebenberg.[5]

Reeds in sy verslag oor 1936 het Eiselen daarop gewys[6] dat nog 2 inspekteurs dringend nodig was, en in 1938 is daar nog twee aangestel[7] asook een om Cook wat uit die diens getree het, te vervang. Hulle was B.J. Kriel, J. de Jager en C. Jansen. In 1940 was hierdie inspekteurs, agt in aantal, nog in diens.[8]

In 1928 is reeds van 6 opsieners melding gemaak[9] en in 1930 van 9.[10] Steeds is gemeld dat hulle goeie werk verrig het. In 1936 is nog 6 nuwe opsieners aangestel.[11] Aangesien geen melding van verdere aanstellings gemaak is nie, was die aantal opsieners in 1940 waarskynlik nog vyftien.

Inspeksie het nog steeds bevordering van die een st. na die ander ingesluit, totdat die werk ook in 1931 te veel geword het en 'n stelsel van gelyktydige oorplasings, gebaseer op die aanbevelings van die onderwysers, deur Franz ingevoer

---

1) Jaarverslag T.O.D. 19[illegible] bl. [illegible]
2) Ibid. 1932, bl. 32.
3) Ibid. 1935, bl. [illegible]
4) Ibid., bl. 43.
5) Ibid., bl. 270.
6) Ibid. 1936, bl. 114.
7) Ibid. 1938, bl. 73.
8) Ibid. 1940, bl. 181.
9) Ibid. 1928, bl. 16.
10) Ibid. 1930, bl. 13.
11) Ibid. 1936, bl. 114.

is.[1] Hy het gevind dat die stelsel goed gewerk het en dat die hoofde van skole die vertroue wat in hulle gestel is, geregverdig het deur 'n bevredigende oordeel te toon en deur billik en onpartydig op te tree. Hyself het meer geleentheid gehad om hom besonderlik daarop toe te lê om die werk in die skole meer doeltreffend te maak t.o.v. organisasie, werkskemas, roosters en metodes.[2]

In 1933 het Johns gemeld[3] dat hy elke ses maande oorgeplaas het in die laer klasse om die ophoping in die substanderds te verminder. Die uitslag van die eksperiment was verrassend.

(d) Skoolwerk.

(i) Handwerk: Vanaf die begin het die departement daarop aangedring dat handwerk 'n groot deel van die skoolwerk moes uitmaak, maar allerlei omstandighede waarop reeds in vorige hoofstukke gewys is, het hierdie beleid belemmer. In 1931 moes Achterberg rapporteer[4] dat handwerk nog steeds die Cinderella van naturelle-onderwys was en dit sou bly totdat die skole (a) voorsien is van voldoende gereedskap; (b) grond gegee is om te bewerk of materiaal om mee te werk; (c) hulle tuine kon omhein of 'n werkplaas gehad het om in te werk; (d) onder toesig gestaan het van opsieners wat in hierdie tak van skoolwerk opgelei is. „Tans kan selfs geen opgeleide man enige resultaat bereik nie," was Achterberg se mening. Ook Franz het gekla[5] oor handwerk, veral vir seuns. Afgesien van die materiële moeilikhede het hy gevind dat in die meeste gevalle die onderwysers nie die opvoedkundige waarde van handwerk ingesien het nie. Die nadruk is te veel op die ekonomiese sy geplaas, met die gevolg dat die werk onaangenaam begin word het. Naaldwerk is op byna alle skole gegee en is deeglik gedoen. Gewoonlik was die vrouens van die sendelinge hiervoor verantwoordelik.

Aanvanklik het die ouers handwerk as verslawing van hulle kinders beskou, maar later is daar verblydende vooruitgang gemaak, en in 1933 reeds kon Franz rapporteer[6] dat handwerk ook

1) Jaarverslag S.W.A. 1931, bl. 119.
2) Ibid, 1931, bl. 118.
3) Ibid. 1933, bl. 124.
4) Ibid. 1931, bl. 116.
5) Ibid., bl. 121.

met ander vakke gekorreleer is.

(ii) Tale. Die voertaal was aanvanklik deurgaans Engels, en, slegs Engels en die moedertaal is as tale onderrig. In 1930 is Afrikaans ingevoer[1] as 'n deel van die normale leergang op naturelleskole. Geen spoedige resultate kon verwag word nie aangesien die naturelle-onderwysers nog nie hiervoor bekwaam was nie. Die moedertaal-onderrig is in baie gevalle verwaarloos terwille van Engels, kennis waarvan as ekonomies waardevol beskou is.[2] Toe pogings aangewend is om die moedertaal as voertaal in te voer, het daar geweldige teëstand van die kant van die ouers gekom,[3] dog toe onderwysers begin merk het hoeveel deegliker die onderwys kon wees, het hulle self die moedertaal alhoemeer as voertaal gebruik en ook as taal beter onderrig.

Die inskrywings vir die eksamens vir naturelle-onderwysers in 1933 het getoon[4] dat kandidate meer en meer 'n besef gekry het van die noodsaaklikheid van die kennis van Afrikaans. Die oorgrote meerderheid kandidate het ingeskryf vir Afrikaans as opsionele of as verpligte vak. Leerkragte in Afrikaans moes dus aan die opleidings-inrigtings verskaf word.

In 1936 is Afrikaans aan opleidingskole verpligtend gemaak[5] waar dit voorheen opsioneel was. Oral het Afrikaans snelle opgang gemaak waar dit voorheen byna nêrens gebruik is nie.

Vanaf 1938 was dit verpligtend vir alle laerskoolleerlinge om ook Afrikaans te leer,[6] sodat hulle reeds in die laerskool drie tale moes leer. Die hoofinspekteur het geskryf:

> „Van verskillende kante is dan ook beswaar gemaak teen en kritiek uitgeoefen op die beleid van die departement. Dit is onder meer beweer dat dit 'n ongesonde stelsel is wat kennis van drie tale 'n vereiste maak en dat kinders wat voorheen 'n redelike vaardigheid in een offisiële taal erlang het, in die toekoms nòg in die eerste nòg in die tweede offisiële taal iets sal presteer. Die antwoord hierop is dat, hoewel dit pedagogies miskien minder wenslik is om drie tale by die laerskoolkursus in te sluit, dit tog deur

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1930, bl. 15.
2) Ibid. 1931, bl. 117.
3) Ibid., bl. 119.
4) Ibid. 1933, bl. 38.
5) Ibid. 1936, bl. 117.
6) Ibid. 1940, bl. 73.

die landsomstandighede gebiedend noodwendig gemaak word. Dit is iets wat deur die Naturellebevolking oor die algemeen ook baie goed verstaan word. Daarby kom nog dat Naturellekinders gemiddeld meer aanleg vir tale het as blanke kinders."

Ongelukkig het Eiselen nie gemeld op watter stadium met die tweede en derde tale begin is nie, en ook nie op welke gronde sy laaste bewering berus het nie. Dit is egter ongelukkig dat pedagogiese oorwegings nie die deurslag gegee het nie maar wel „landsomstandighede."

(iii) Ander sake i.v.m. Skoolwerk. In 1931 het Achterberg daarop gewys[1] dat die onderwysers meestal nie hulle lesse voorberei het nie, en dat die gehalte van die onderrig gevolglik in veels te veel gevalle betreurenswaardig was.

Johns en Franz het nadruk gelê[2] op die noodsaaklikheid om op die werk van die laer klasse te konsentreer en die beste onderwysers daarvoor af te sonder. Gewoonlik is die swakste onderwysers daar geplaas. Geen wonder dat die leerlinge nie uit die grade kon kom nie.

Die praktyk in die skole is natuurlik beïnvloed deur die opvattings van die onderwysers, en oor die algemeen was die onderwysers die sienswyse toegedaan dat die hoofdoel van die onderwys moes wees om veral die meer begaafde leerlinge te leer om hulle by die westerse beskawing aan te pas, en wel deur medium van Engels.[3] Die beleid van die departement daarteenoor was, volgens die hoofinspekteur:

(a) om volle gebruik te maak van die kinders se huistaal en huisondervinding in die opvoedingsproses;
(b) om by die aanpassingsonderwys in ag te neem dat die blanke bevolking uit Afrikaanse sowel as uit Engelse elemente bestaan, en om derhalwe Afrikaans tot sy reg te laat kom in naturelle-onderwys;
(c) om in naturelle-onderwys die gedagte van gemeenskapsdiens op die voorgrond te stel, sodat die opvoeding 'n werklike bydrae kan lewer tot die vooruitgang van die Bantoe as geheel."

(c) Eksamens en Opleiding. Op die vermeerdering in die aantal opleidingsinrigtings (van 3 in 1928 tot 9 in 1940) is reeds gewys. In 1928 is Botshabelo, die Duitse inrigting wat sedert 1916 gesluit was, heropen.[4]

Vanaf 1926 is studente tot die eerstejaarskursus toege-

1) Jaarverslag T.OD. 1931, bl. 116.
2) Ibid., bl. 123 en 118.
3) Ibid. 1937, bl. 141.
4) Ibid. 1928, bl. 15.

laat na st. VI i.p.v. na st V soos tevore.[1] In 1929 is nuwe regulasies gepubliseer[2] wat vereis het dat 'n kandidaat, om tot 'n opleidingsinrigting toegelaat te word,

(a) 'n sertifikaat van karakter en van goeie gedrag, uitgereik deur 'n sendeling of 'n ander gesaghebbende blanke, moes voorlê;

(b) st. VI voltooi moes hê sowel as 'n verdere kursus van minstens een jaar;[3]

(c) blyke moes gee van algemene bekwaamheid vir die onderwysersamp.

Die kursus het oor drie jaar gestrek met departementele eksamens aan die einde van die eerste en derde jare.

Vanaf 1931 is daar weer 'n eksamen gehou aan die einde van die tweede opleidingsjaar soos vòòr 1929.[4] Die eksamen aan die einde van die eerste jaar is in 1939 afgeskaf[5] en verdienstelike kandidate deur die personeel van die skole self gepromoveer.

As 'n aanvulling van die opleiding is daar nog soms vakansiekursusse gehou. In 1931 is so 'n kursus in die kring van G.H. Franz gehou[6] omdat dit bevind is dat die onderwysers geen voortgesette skemas kon uitvoer sonder sistematiese instruksie nie. Die kursusse het, volgens Franz, goeie vrugte afgewerp.

## 7. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN SUGGESTIES.

### (a) Samevatting.

(i) Laerskole. Die aantal inspekteurs het 'n geringe vermeerdering getoon gedurende die tydperk onder bespreking. In 1935 is die eerste inspektrise van onderwys aangestel. In 1940 was daar altesaam 24 inspekteurs in diens van die T.O.D.

Die werk van die inspekteurs in die laerskole het 'n algehele verandering ondergaan aangesien oorplasing van die een

1) Jaarverslag T.O.D. 1928, bl. 13.
2) Prov. Kt. no. 1017 van 13/3/29, bl. 420, Adm. Kennisg. no.170.
3) Die ekstra jaar is later in 1929 herroep in Prov. Kt. no. 1042 van 28/8/29, bl. 241, Adm. Kennisg. no. 539.
4) Jaarverslag 1931, bl. 15.
5) Ibid. 1939, bl. 153.
6) Ibid. 1931, bl. 119.

st. tot die volgende nou definitief in die hande van die onderwysers oorgegaan het. Hoewel die w... van die inspekteurs hierdeur aansienlik verlig is, is daar nog soms gekla dat hulle die skole nie dikwels genoeg kon besoek nie.

Die oorplasing in die hande van die onderwysers het nog steeds net jaarliks plaasgevind van die een st. tot die volgende. Inspekteurs e.a. gesaghebbendes het op die nadele van so 'n stereotipe handelwyse gewys, egter sonder merkbare gevolge, want dieselfde prosedure word tans nog byna sonder uitsondering gevolg.

Vanaf 1935 is daar 'n verandering teweeggebring in die uitreiking van inspeksierapporte. Waar die rapport oor 'n skool voorheen besonderhede verstrek het oor die werk van indiwiduele onderwysers, het dit sedert 1935 gegaan oor die skool as 'n geheel, sonder vermelding van die name van die personeel. Oor die werk van indiwiduele onderwysers moes die hoof aan die einde van elke jaar 'n rapport aan die inspekteur voorlê. Allerlei ander besonderhede i.v.m. die skool en skoolwerk moes ook in die jaarlikse rapport verstrek word. Om onderwysers in staat te stel om vir vakante poste te appliseer, kon die hoof te enige tyd aan 'n assistent 'n getuigskrif gee, 'n afskrif waarvan aan die departement gestuur moes word. Die jaarlikse rapport oor die werk van 'n onderwyser moes nie aan die betrokke onderwyser getoon word nie. Hoewel daar 'n mate van teenkanting teen die stelsel was, is dit oor die algemeen verwelkom, en het dit in gebruik gebly.

'n Nuwe stelsel waarvolgens die inspekteurs alle onderwysers in klasse A, B, C en D gegradeer het, het in werking gekom gedurende hierdie tydperk. Die gradering is geheim en gebaseer op die subjektiewe oordeel van die inspekteur. Die gradering beslis feitlik die kanse vir promosie van 'n onderwyser, aangesien die inspekteur deur kollegas of deur skoolrade geraadpleeg kan word by aanstellings.

Behalwe om as adviseurs en kritici in skole op te tree, kontrole oor onderwysers uit te oefen en rekwisisies e.a.

sake te behartig, moet die inspekteurs aan die openbare lewe deelneem en op publieke liggame verteenwoordig wees, om sodoende die publieke mening te kan peil en aan die departement te vertolk. Hulle is m.a.w. die oë en ore van d e departement.

Afrikaans was reeds in die begin van die tydperk onder bespreking so goed ingeburger dat dit nie juis meer aandag in die inspeksieverslae geniet het as ander skoolvakke nie. Die mening is deurgaans uitgespreek dat Afrikaans en Engels as eerste tale goed op peil was. Waar Afrikaans die tweede taal was op die platteland of Engels die tweede taal in die stede, was die peil besonder bevredigend In die omgekeerde gevalle, nl. waar Afrikaans die tweede taal was in die stede of Engels die tweede taal op die platteland, was daar gewoonlik baie klagtes oor die bereikte peil.

Die voertaal-ordonnansie van 1911 het dikwels aanleiding tot misbruik gegee, aangesien die ouers die verkeerde taal as huistaal opgegee het. Om hierdie leemte uit die weg te ruim is daar in 1934 'n wysigingsordonnansie aangeneem wat die keuse nie in die hande van die ouers nie, maar van die onderwysers en die inspekteur gelaat het. Die aantal leerlinge in enkelmediumskole, en veral in Afrikaansmediumskole, het grootliks gestyg, en die direkteur het as sy mening uitgespreek dat „van die suiwer opvoedkundige standpunt beskou, aan die enkelmediumskool voorkeur behoort gegee te word."

In 1935 is die eindeksamen van die laerskool assodanig afgeskaf en is 'n beurseksamen in die plek daarvoor gestel. In die praktyk het dit weinig verandering teweeggebring, aangesien die beurseksamenvraestelle deur die inspekteurs in hulle kringe vir algemene eksamendoeleindes van st. VI gebruik is. Eers in 1942 is die eksamen in sy geheel afgeskaf, en daarmee saam ook die H.S.T., sodat die laerskool toe van alle eksterne eksamens bevry is. Oorplasing na hoërskole vind tans plaas op grond van die I.K., die skoolprestasie en die ouderdom van die leerlinge. Ook beurse word op hierdie gronde toegeken.

Die algemene vooruitgang op onderwysgebied was merkwaardig nieteenstaande die depressiejare van 1930 tot 1933. Die aantal

leerlinge het grootliks vermeerder; baie meer onderwysers is in diens geneem en hulle kwalifikasies het baie verbeter; leerplig is verhoog tot st. VIII of 16 jaar; sentralisasie, deur middel van motortransport veral, is op groot skaal ingevoer; baie st. VII- en st. VIII- klasse is gestig.

In 1937 is 'n Provinsiale Onderwyskommissie onder voorsitterskap van ds. W. Nicol aangestel wat in 1939 'n lywige verslag met weldeurdagte aanbevelings oor alle aspekte van die onderwys uitgebring het. Die aanbevelings is baie waardevol en sal vir baie jare in die toekoms 'n leidraad aan wetgewers en administrateurs van die provinsie verskaf.

<u>(ii) Junior Hoërskole.</u> Die st. VII- en VIII- klasse wat aanvanklik by bestaande laerskole opgerig is, het moeilikhede veroorsaak wat die departement uit die weg probeer ruim het deur die oprigting van junior hoërskole waar slegs sts. VI, VII en VIII gehuisves is. Hierdie tipe skool gaan tans nog 'n proefstadium deur, maar deurdat daar 'n eksterne eindeksamen gehou word wat die skoolwerk grootliks beïnvloed en oorheers kan hulle tans nog nie aan hulle doel beantwoord nie. Die landelike ekwiwalent van die junior hoërskool is die skoolplaas. In 1940 was daar 13 junior hoërskole en 9 skoolplase in die Transvaal.

Alle leerlinge in junior hoërskole en intermediêre skole is verplig om die Juniorsertifikaateksamen af te lê na beëindiging van st. VIII. Vir die hernuwing van hulle beurse moet ook alle beursleerlinge in hoërskole die eksamen skryf. Vir alle ander hoërskoolleerlinge is die eksamen opsioneel. Die jaarsyfer word by die eksamen in aanmerking geneem, maar vanaf 1940 is sy waarde verminder deurdat verskille tussen die jaarsyfer en die eksamensyfer die kandidaat tot nadeel strek. 'n Goeie skoolprestasie kan, as die eksamenuitslae om die een of ander rede minder goed is, 'n kandidaat laat druip waar hy met 'n swakker skoolprestasie en dieselfde eksamensyfer miskien kon geslaag het. Tans is deur die departement aangekondig dat hy die hersiening of die afskaffing van die eksamen vir die

junior hoërskole oorweeg.

(iii) Middelbare Onderwys. Die aantal leerlinge in middelbare skole het toegeneem van 11,176 in 1928 tot 17,920 in 1940, d.w.s. met ruim 60%. Die noodsaaklikheid van hoër onderwys is dus meer en meer besef.

Vanaf 1929 het die inspeksie van middelbare skole in die hande van die distriksinspekteurs oorgegaan toe A.J. de Vos, voorheen inspekteur van middelbare onderwys, as Eksaminator in die hoofkantoor aangestel is. Die distriksinspekteurs het hierdie stap verwelkom aangesien dit beter koördinasie tussen die skole sou bewerkstellig.

Die eindeksamen van die middelbare skool het, nieteenstaande kleinere toegewings van die kant van die G.M. Raad, ongehinderd voortgegaan en sy invloed op die skoolwerk laat geld, 'n invloed wat volgens baie getuies uiters verderflik was en nog is, afgesien van die ander gebreke van die eksamen. Beswaar is dan ook dikwels gemaak teen die eksamen as eksterne en verskeie voorstelle is ingedien waarop egter tot dusver nog geen reaksie gevolg het nie. Aan die een kant is beweer dat die peil van die eksamen te hoog was (as eindeksamen) en aan die ander kant was die peil blykbaar weer te laag (as toelatingseksamen tot die universiteit). Die eksamen kan nie albei doeleindes nastreef en aan albei reg laat geskied nie; nogtans dien dit tans nog beide as eind- en as toelatingseksamen.

(iv) Opleiding van Onderwysers. Met enkele wysigings van minder belang het die opleiding vir tweedeklas en vir derdeklas sertifikate voortgegaan totdat hierdie twee sertifikate in 1933 afgeskaf en die Transvaalse Onderwysersdiploma daarvoor in die plek gestel is. Die doel was om die diskriminasie tussen onderwysers op grond van verskillende sertifikate uit die weg te ruim en 'n eenvormige professionele opleiding vir almal beskikbaar te stel. Die differensiasie sou voortaan gegrond wees op opleiding vir juniorwerk, laerskoolwerk en middelbare skoolwerk.

Reeds in 1936 het die departement egter besef dat die

ou O.3 tog 'n sertifikaat was wat om verskeie redes vir menigeen verkieslik was, en het hy vanaf 1937 weer die korter kursus (twee jaar teenoor die drie jaar vir die T.O.D.) te Heidelberg ingestel.

Die onderwyserseksamens wat aanvanklik uitsluitlik ekstern was, het soveel kritiek uitgelok, veral van prof. van Heerden, dat sekere wysigings aangebring is. In 1932 is 'n Eksamenraad vir die vier kolleges aangestel wat daartoe bygedra het dat die eksamen gedeeltelik intern afgeneem is. Vanaf 1933 het die jaarpunte, deur die kolleges toegeken, ook in aanmerking gekom saam met die eksamenpunte.

Vanaf 1936 is die eksterne eksamens afgeskaf en interne eksamens (met 'n eksterne moderator) daarvoor in die plek gestel. Vanaf 1944 is alle eksamens i.v.m. die professionele kursus afgeskaf en geld slegs die kollege-rekord vir die toekenning van sertifikate.

In 1938 is die inrigtings vir die eerste keer geïnspekteer, en die voorneme was om dit 'n gereelde instelling te maak. Dit het geskyn of die kolleges nie hierdie inspeksie verwelkom het nie, aangesien dit geskyn het of hulle die vertroue van die departement verloor het. Die direkteur het hulle egter op hierdie punt gerusgestel. In 1941 is hulle vir die tweede keer geïnspekteer.

<u>(v) Naturelle-onderwys.</u> Nieteenstaande die onsekerheid wat daar op finansiële gebied geheers het (geld uit die Naturelle-ontwikkelingsfonds is naamlik nie op vaste basis toegeken nie), het naturelle-onderwys geweldig toegeneem. Die aantal skole is byna verdubbel, die aantal leerlinge het meer as verdubbel, die aantal onderwysers het byna verdubbel en hulle kwalifikasies het baie verbeter, en die aantal opleidingsinrigtings het verdriedubbel. Die vooruitgang het met spronge geskied na gelang meer geld beskikbaar gestel is.

Handwerk is nog steeds stiefmoederlik behandel in die skole as gevolg van gebrek aan fasiliteite en aan die nodige entoesiasme by die onderwysers.

Afrikaans, wat voorheen geen plek as taal of as voertaal in die skole gehad het nie, is in 1930 in die skole ingevoer, maar kon eers tot sy reg kom nadat onderwysers opgelei is om daarin onderrig te gee. In die opleidingsinrigtings is dit in 1933 ingevoer as opsionele vak en in 1936 as verpligte vak. Van af 1938 was dit vir alle laerskoolleerlinge verpligtend om Afrikaans te leer.

Die hoofdoel van onderwys, soos deur die naturelle-onderwysers oor die algemeen gesien, was om aan te pas by die westerse beskawing. Dit het die skoolpraktyk baie nadelig beïnvloed. Dit is ook om hierdie rede dat handearbeid as vernederend beskou is en nie behoorlike ingang in die skole kon vind nie.

Die aantal inspekteurs het toegeneem van drie tot agt en die aantal naturelle-opsieners van een tot vyftien. Lg. was vir die inspekteurs tot groot nut. 'n Hoofinspekteur is in 1935 aangestel in die persoon van dr. W. Eiselen.

Die opleidingseise is geleidelik verhoog en ook die opleidingskursusse self.

Die nuwe skema van die departement vir die verbetering van skoolgeboue, nl. die huurtoelaagstelsel, ingestel in 1936, het dadelik vrugte afgewerp, en die geboue het baie verbeter, hoewel daar in 1940 nog ondoeltreffende geboue in gebruik was.

(b) Gevolgtrekkings. Op verskeie terreine van die onderwys was daar geweldige vooruitgang. Voorop staan, wat genoem kan word, die emansipasie van die laerskool. Inmenging van buite is tans tot 'n minimum beperk sowel wat eksamens as inspeksie betref. Die hoof en personeel reël alle oorplasings, en die hoof rapporteer oor sy skool en sy personeel, en is verantwoordelik vir die werk van elke assistent. Hoewel dit 'n groot las op die skouers van die hoof plaas, is dit tog 'n uitstekende stelsel, want net soos die leerlinge tans nie afhanklik van die uitslae van een eksamen is nie maar krediet vir die hele jaar se werk ontvang, net so word die onderwyser se klaswerk tans nie beoordeel (of veroordeel) op grond van een of twee uur se inspeksie nie, maar ontvang hy krediet vir

sy arbeid dwarsdeur die jaar. Die hoof ken hom en sien hom daagliks aan die werk en is beter bevoegd om 'n oordeel oor sy werk te vel as 'n eksterne besoeker, hoe bevoegd lg. ookal is.

Daar is egter een groot gebrek waarop die aandag met nadruk gevestig moet word, nl. dat die gradering van onderwysers deur die inspekteur geskied sonder oorlegpleging met die hoof. As die inspekteur 'n onderwyser geen onreg sal aandoen nie, moet hy die persoon raadpleeg wat die onderwyser in al sy verhoudings ken, nl. die hoof, en die graad van die onderwyser vasstel in oorleg met die hoof; anders beteken die hele stelsel niks, temeer daar die promosiekanse van die onderwyser afhanklik is, nie van die hoof se rapporte of getuigskrifte nie, maar van die inspekteur se gradering, soos voorheen aangetoon. Die inspekteur ken nie al die onderwysers in sy area so deeglik dat hy hulle op die genoemde gronde kan gradeer nie, veral waar hy soveel tyd en aandag aan publieke omgang moet bestee.

In aansluiting by hierdie saak moet daarop gewys word dat die aantal inspekteurs heeltemal onvoldoende is. As alle onderwysers studente bly, en dus op hoogte bly van nuwe gesigspunte en metodes t.o.v. onderwys, sou die aantal inspekteurs voldoende gewees het. Ongelukkig egter leer die ondervinding dat waarskynlik geen tien persent van alle onderwysers opvoedkundige boeke of selfs tydskrifte lees of bestudeer nie, sodat hulle maklik in 'n groef geraak. Onder sulke omstandighede, en veral op die platteland met sy klein skooltjies wyd versprei waar daar dikwels ook geen onderlinge kontak tussen onderwysers is nie, is dit noodsaaklik dat elke skool waarvan die inspekteur weet dat dit nodig is, twee keer per jaar besoek moet word; en dit moet geen vlugtige besoek wees nie, maar 'n besoek waar daar deeglike besprekings gevoer kan word en advies en inspirasie van die inspekteur kan uitgaan. Die gees van proefneming moet aangewakker word, en belangstelling in wat ander doen, aangekweek word.

Die afskaffing van die pos van middelbare inspekteurs

was m.i. 'n verkeerde stap, aangesien distriksinspekteurs wat tans ook hoërskole inspekteer, nie noodwendig spesialiteite in elke vak van die hoërskool is nie, maar in die eerste plaas aangestel word met die oog op die laerskole wat die meeste van hulle tyd en aandag in beslag neem. Dat die eindeksamens van die hoërskole en die junior hoërskole onpopulêr en onwenslik is veral in hulle huidige vorm, ly geen twyfel nie, te oordeel na al die gebreke waarop die aandag in hierdie hoofstuk gevestig is. Die enigste verdienste van die eksamens is dat hulle 'n mate van eenvormigheid in die hand werk, maar dit is slegs „'n mate," aangesien die peil tog grootliks verskil van jaar tot jaar.

(c) Suggesties. Die rapport van die hoof van 'n skool oor sy personeellede moet nie as geheim behandel word nie, maar aan die betrokke onderwysers getoon word. Geheimhouding wek agterdog, hoe eerlik die hoof ook in sy bedoelings is.

Dieselfde oorwegings geld in verband met die gradering van onderwysers. Die betrokke onderwyser alleen behoort te weet waar hy staan en waarom hy op daardie graad geplaas is, en behoort die reg van appèl te hê ingeval hy meen dat hy veronreg is. Sulke gevalle sal uiters selde voorkom as die onderwysers deur die inspekteur gegradeer word in oorleg met, en op aanbeveling van die hoof.

Die aantal inspekteurs moet, met die oog op wat in die vorige paragraaf gesê is, aansienlik vermeerder word, en daar moet minstens drie of vier inspekteurs vir middelbare en junior hoërskole aangestel word. Die betekenis van hierdie suggestie i.v.m. hoërskole sal nader blyk by die oorweging van die eksamenstelsel hieronder.

Wat die Juniorsertifikaateksamen, maar meer nog die middelbare skooleindeksamen betref, is daar, met die oog op al die gebreke wat 'n eksterne eksamen aankleef, net een voorstel: skaf dit in sy geheel af.

Net twee besware kan hierteen ingebring word, nl. (i) dat daar dan geen maatstaf sal wees om uniformiteit van die

prestasiepeil van die verskillende skole te verseker nie, en (ii) dat werkgewers en universiteite met niks minder as 'n behoorlik gekontroleerde eksamen tevrede sal wees nie. Op (i) kan geantwoord word dat die huidige skooleindeksamen ook geen uniformiteit handhaaf nie en dat die werklike prestasiepeil nie deur die eksamen verhoog word nie, maar wel verlaag, omdat eksamendril die plek inneem van gesonde opbouende opvoedkundige praktyk. Wat meer is: waarom moet daar uniformiteit van kennis wees t.o.v. enige vak? Nie die hoeveelheid kennis is van betekenis in die later lewe nie (dit word gou vergeet), maar wel die mate van ontwikkeling, die liefde wat vir 'n vak aangekweek word, wat sal verseker dat daardie vak nie later geheel en al geïgnoreer, ja selfs gehaat sal word nie. 'n Sekere hoeveelheid kennis is noodsaaklik, maar dit sal die skole wel aanbring, veral as daar gereelder inspeksie van middelbare skole met korter tussenpose is. Die skole sal daarna streef om die vertroue wat in hulle gestel is, nie te skok nie, en die eindprodukte sal m.i. sonder 'n eksamen beter wees as daarmee.

Op (ii) kan geantwoord word dat die universiteite waarskynlik nie so onversoenbaar sal wees nie as daar by die departement meer beslistheid geopenbaar word om die afskaffing deur te voer. As die vier provinsies sou saamstaan en die eksamen gelyktydig afskaf, sal die universiteite immers geen keuse hê nie as om hulle by so 'n toestand van sake neer te lê. 'n Ander oorweging het egter m.i. meer gewig: die universiteite sal baat by so 'n stap as dit deurgevoer word soos hieronder uiteengesit. Wat die universiteite eintlik verlang, is nie soseer studente wat 'n sekere onontbeerlike hoeveelheid kennis besit nie, maar studente wat die ontwikkeling, die aanleg en die werkvermoë besit om te studeer. Sulke studente kan beter gekeur word op grond van hulle verstandelike vermoë (I.K.) en hulle werkvermoë soos deur die skole op die verslagkaart aangedui oor die loop van etlike jare. Tans slaag daar, volgens getuienis van baie kante, talle leerlinge wat eintlik nie behoort te slaag nie maar wat „per geluk" of deur te „blok"

of deur ongesonde eksamendril deur die eksamen gehelp word, en wat dus toegang tot die universiteit verkry, slegs om later uit te sak.

Ook die werkgewers sal tevrede moet wees as daar geen ander keuse is nie en as die produkte van die middelbare skool dieselfde tevredenheid gee na die afskaffing van die eksamen as voorheen. Hulle moet oortuig word van die feit: „That a man has a long list of examination certificates does not reveal whether he can follow a profession with insight, creativeness, and character."[1]

As die provinsiale owerhede moes wag totdat die inisiatief van die kant van die universiteit of die werkgewers sou kom, sou die afskaffing van die eksamen nooit 'n werklikheid word nie. Daar is net een bron vanwaar die inisiatief kan kom en dit is van die provinsiale onderwysowerhede. As die vier provinsies saamstaan, sal dit die saak oneindig vergemaklik.

Die Provinsiale Onderwyskommissie het aanbeveel[2] dat „die beleid van die Departement toegespits moet word op die geleidelike vervanging van 'n eksterne deur 'n interne eksamen." Daardie aanbeveling wil ek heelhartig onderskryf, maar die woord „geleidelike" vervang met die woord „onmiddellike," en wel op die volgende wyse moet die afskaffings plaasvind:

1. Die eksterne eksamen word afgeskaf en sukses al dan nie word bepaal volgens die gegewens aangeteken op die leerlinge se verslagkaarte.

2. Verslagkaarte vir alle leerlinge word gehou waarop die prestasie in elke vak van jaar tot jaar (twee keer per jaar) asook die intelligensie-kwosiënt aangeteken word sowel as ander nuttige gegewens soos skoolbesoek, gedrag, deelname aan verenigingslewe en sport, temperament, aanpasbaarheid, ens. As 'n leerling die skool verlaat, volg sy kaart hom na die volgende skool. Die prestasiepunte word verkry van die leerling se daaglikse werk of van toetse of van 'n kombinasie van die twee, na goeddunke

1) The New Era, Jan. 1928, bl. 2. (Red.)
2) Verslag van die Prov. Onderwyskommissie 1939, bl. 203, paragraaf 715.

van die onderwyser.

3. Hoë eise word gestel en 'n leerling moet slegs dan in 'n vak slaag as sy punte minstens 45% van die totaal bedra.

4. Om die skole eers op hoogte te bring met die standaard wat wenslik is, word daar nog vir die eersvolgende twee jaar eksterne eksamens gehou as volg:

Eerste jaar: Alle leerlinge in st. X wat tussen 35 en 55% in 'n vak behaal het op hulle verslagkaarte, skryf 'n eksamen in daardie vak. Diegene benede 35% druip summier, maar kan bywyse van appèl ook aan die eksamen deelneem.

Tweede jaar: Alle leerlinge wat tussen 40 en 50% in 'n vak behaal het, skryf eksamen in daardie vak, asook diegene benede 40% wat wil appelleer.

Gedurende hierdie twee jaar kan die skole hulle standaard vasstel. Aan die einde van die derde jaar moet diegene wat druip, nog die reg hê om teen die beslissing van die hoof te appelleer en aan 'n eksamen deel te neem. Daarna word geen eksamens meer gehou nie.

5. Sodra 'n hoof 'n leerling wat tevore gedruip het, bevoegd ag, kan hy die uitreiking van 'n sertifikaat aanbeveel, ofskoon die leerling nie weer 'n volle jaar in st. X deurgebring het nie.

6. Sertifikate word uitgereik op aanbeveling van die hoof.

7. As 'n leerling nà st. X hom by 'n universiteit wil laat inskryf, word die universiteit, op aanvraag, deur die hoof van die nodige gegewens t.o.v. vakke, punte, I.K., karakter, ens. voorsien.

Voordele aan so 'n Skema Verbonde:

1. Die hele jaar, of selfs meer as een jaar, se werk word in aanmerking geneem en dit skakel „blok" uit.

2. Leerlinge word bevorder op grond van wat hulle ken en kan toepas, en nie op grond van 'n eksamen met al sy gebreke nie.

3. Dit verskaf die onderwysers 'n sterk dissiplinêre wapen in die hand.

4. Senuwee-ontstellende eksamens en wekelange gewag op uitslae word uitgeskakel.

5. Die onkoste i.v.m. eksamens word uitgeskakel en kan bestee word om ekstra inspekteurs te besoldig.

6. Universiteite kry daardie studente wat kan studeer (I.K.) en wat bewys het dat hulle ook wil studeer, en nie wat miskien op „goeie geluk" af geslaag het nie.

7. Die alles-oorheersende eksamenspook, en daarmee saam die ongesonde eksamendril, sal verdwyn. Skoolwerk sal rustiger aangepak word en daar sal geleentheid wees vir kulturele ontwikkeling. Die vraag „sal dit nuttig wees vir die eksamen?" sal wegval.

8. Die nadruk sal nie op geheue val nie, maar op gesonde oordeel en op behoorlik geassimileerde kennis.

9. Karakter, persoonlikheid en inisiatief kan in aanmerking geneem word en die deurslag gee, iets wat by 'n eksterne, en veral 'n skriftelike, eksamen onmoontlik is.

10. Die leerplanne sal nie van buite opgelê wees soos die geval is wanneer 'n eksterne liggaam kontrole oor 'n eindeksamen uitoefen nie.

11. 'n Wyer keuse van vakke sal moontlik wees, veral ook as groter hoërskole, soos deur die direkteur in die vooruitsig gestel, in die lewe geroep word. Waar hy egter die maksimum inskrywing op 600 stel, sien ek geen rede waarom dit nie op 800 of op 1000 gestel kan word nie. 'n Hoof kan net so min 600 leerlinge indiwidueel ken wat hulle belangstellingslewe, hulle moeilikhede en hulle vordering betref as wat hy 600 kan ken. Aan elke onderwyser kan egter 'n aantal leerlinge toevertrou word, met wie hy meer intiem moet kennis maak en wat hulle toevlug na hom kan neem met hulle moeilikhede en probleme, en wat van hom op elke gebied leiding kan ontvang. Die hoof dien in hierdie opsig dan as hoof-adviseur en koördineer die werk.

Wat tot dusver van die middelbare skool en sy eindeksamen gesê is, geld in dieselfde mate vir die junior hoërskool en sy eindeksamen. Die laerskool is bevry van eksterne eksamens

(hoewel dit vroeër net so onmoontlik gelyk het); die Normaalkolleges is vanaf 1944 bevry van eksamens; daar kan geen gegronde rede aangevoer word waarom die skole wat tussen hierdie twee staan, nie ook daarvan verlos kan word nie.

Die vraag kan gestel word of eksamens dan hoegenaamd geen waarde besit nie en geen plek in die skool moet kry nie. Die antwoord is dat eksamens nuttig gebruik kan word deur die skool self vir die doel van diagnose en prognose; om die leerlinge aan te spoor om die nodige rewisiewerk deeglik te doen; en om hulle kennis te sistematiseer en te reproduseer. Hiervoor moet egter nie te veel tyd opsy gesit word nie. Gebruik moet gemaak word van 'n samestelling van vrae volgens die ou (opstel-) tipe en volgens die nuwe tipe, soos in die Inleidende hoofstuk aangedui, om aan elke tipe leerling die geleentheid te verskaf om iets te kan presteer.

Die jaarlikse oorplasing van die leerlinge van een st. na die volgende vergemaklik die organisasie en die klaswerk, maar word te stiptelik eenvormig uitgevoer met leerlinge wat individueel grootliks verskil. Tans moet 'n leerling ôf 12 maande òf [illegible] maande in 'n klas sit. Die bestes moet gewoonlik saam met die middelmatiges minstens 12 maande in 'n st. deurbring sonder dat daar vir hulle voorsiening gemaak word vir 'n ryker leerplan, want baie weinig onderwysers verdeel hul klasse in groepe en maak dan onderskeid tussen die hoeveelheid stof wat elkeen moet behartig.

Die oplossing skyn te lê in sesmaandelikse oorplasings, wat leerlinge in staat sou stel om 6, 12, 18 of 24 maande in 'n st. deur te bring. Oorplasings op tussenposes korter as ses maande sal die organisasie en die klaswerk te veel in die war stuur, behalwe as 'n individuele metode soos die Dalton-plan in gebruik is. As oorplasing sesmaandeliks moet plaasvind, sal 'n nuwe indeling van die leerstof nodig wees en sorg sal gedra moet word dat die werk van die verskillende tydperke bymekaar aanpas; bv. st. II laer se werk sal nie net by die van st. II hoër moet aanpas nie maar ook by die van st. III laer,

[illegible]

leerling na ses maande van st II laer na III laer oorgeplaas word nie.

Die stelsel verdien oorweging vir toepassing ook in die junior hoër- en hoërskole, veral as die eindeksamens eers afgeskaf is.